
Januarie - Februarie 2009

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 8, No. 1 Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Waarom ateïste?

Gedurende die afgelope paar dekades is daar 'n omvangryke aanslag teen die Christendom geloods. Miljoene het die "hoofstroomkerke" verlaat en baie ander mense is besig om dit te doen. Geleerde mense is toenemend besig om hul rug op godsdiens te draai en, soos dit lyk, op God ook.

*Waarom?*

Waarom skryf ontelbare duisende jong mense, as gelowige lidmate van die kerk, by kolleges in, net maar om slegs 'n paar jaar later as wêreldlike ongelowiges te voorskyn te tree, *onseker* oor God se bestaan of die gesag van die Bybel?

Begrip van die werklike antwoorde op hierdie probleme sal *u toekoms* grootliks beïnvloed – en die bestaan van ons nasies. Ons moet nie bang wees om "beginselvrae" soos hierdie te konfronteer nie!

Eerstens bevorder ons moderne Westerse opvoedkundige instellings toenemend die *teorie van evolusie*. Meer as wat die meeste mense egter besef, affekteer die veronderstellings wat voortvloei uit die evolusieteorie, ander studievelde buite die fisiese wetenskappe. Onbewese begrippe word gewoonlik as vanselfsprekend aanvaar wanneer dit onder die sogenaamde beskerming van die "wetenskap" geleer word.

Die meeste eerlike wetenskaplikes erken egter geredelik dat hulle *geen manier* het om 'n "Eerste Oorsaak" verkeerd te bewys nie. Hulle het *werklik geen manier* om die baie "gapings" in die evolusieteorie te vul nie. Vanuit 'n godsdienstige perspektief, het hulle *geen manier* om die letterlik dosyne spesifieke Bybelprofesieë wat *alreeds vervul is,* verkeerd te bewys nie!

Moontlik sonder dat hulle daarvan bewus is, "begrawe" deesdae se ateïste basies "hulle koppe in die sand" en **ignoreer** eenvoudig die ontsagwekkende **profesieë** van die groot God, soos opgeskryf in Sy geïnspireerde Woord! Hulle is egter *nie* intellektueel *werklik eerlik* nie, tensy hulle die kennis van die **groot God** van die skepping toegang verleen tot hul verstand asook erken hoe Hy in die verlede in menslike sake ingegryp *het* en selfs nou nog ingryp! Die ware God van die Bybel het meer as 2,500 jaar gelede deur die profeet Jesaja gepraat: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10).

Baie andersins intelligente mense is ateïste of agnostici want hulle het hoofstroomgodsdiens

laat vaar omdat dit *so baie* onwaarhede gefabriseer het. Dit is geen wonder dat geleerde mense met argwaan vervul is as gevolg van sulke onsin nie! Duisende oudmodiese predikers het gebulder: "Die Bybel sê dat God die aarde 6,000 jaar gelede geskape het. Ons stam dus nie van ape af nie en die wetenskaplikes is heeltemal verkeerd!" Maar, sê die Bybel in werklikheid dat God die wêreld 6,000 jaar gelede geskape het? ***Geensins nie!***

Wat die Bybel wel sê is: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Genesis 1:1). Die woorde "in die begin" gee nie 'n spesifieke tydraamwerk nie! Ons in hierdie Werk van Christus het **altyd** verkondig dat die wêreld moontlik miljoene jare gelede geskape *kon* gewees het. Wetenskaplikes het egter dikwels hulle teorieë verander oor *hoeveel* miljoene – hulle gooi miljoene jare rond soos tennisballe want in werklikheid *weet hulle nie*! Hulle gee ons eenvoudig "geleerde raaiskote". Hoe dit ook al sy, volgens wat ons weet van hierdie planeet en sy ontwikkeling, wil dit wel voorkom asof ons planeet miljoene jare gelede tot stand gekom het.

Die wetenskaplikes het weereens geen werklike manier om 'n "Eerste Oorsaak" of die teendeel daarvan, te bewys nie. Maar, omdat hulle menslik is, kry hulle teësin in die predikers se verspotte idees – wat hulle nie as onbybels kan identifiseer nie, omdat die meeste

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Waarom ateïste?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Ontdek oorspronklike Christelikheid** 3
Wat het geword van die oorspronklike Christelikheid van Jesus en Sy Apostels? Dit het bykans heeltemal van die aardbol af verdwyn, maar dit bestaan wel – en u kan dit ontdek.

**Wat behoort die Kerk te doen?** 9
Het die Kerk nog steeds 'n doel hier aan die daeraad van die 21ste eeu? Kan u 'n deel daaraan hê?

**Hoe om u Bybel te bestudeer** 14
U besit heel moontlik 'n Bybel. Het u dit al werklik bestudeer? Indien u nie weet hoe om u Bybel te bestudeer nie, sal dit 'n raaisel vir u bly en u sal in gebreke bly om die mees opwindendste, gedagte-verrykende inligting en kennis wat die wêreld nog ooit geken het, te bekom!

**Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande** 20
Hoe het Christelikheid heel eerste na Europa se westelike eilande gekom? Wat het met die ware evangelie gebeur? Waarom maak daardie geskiedenis deesdae saak?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Ontdek oorspronklike Christelikheid

**Deur Roderick C. Meredith**

**Wat het geword van die oorspronklike Christelikheid van Jesus en Sy Apostels? Dit het bykans heeltemal van die aardbol af verdwyn, maar dit bestaan wel – en u kan dit ontdek.**

Indien Jesus van Nasaret vandag na die planeet Aarde sou terugkeer, sal Hy die godsdiens herken wat deesdae Sy naam dra? Sal Hy geskok wees om uit te vind dat mense wat voorgee om Sy volgelinge te wees, voortdurend met mekaar oorlog gevoer het die afgelope 1,900 jaar? Die meeste van Sy verklaarde volgelinge vandag glo heeltemal teenoorgestelde leerstellings as dit wat Hy onderrig het, onderhou verskillende dae van aanbidding, en volg heeltemal verskillende gebruike na. Die meeste van hulle het 'n totaal ander konsep van God en Sy doel, as dit wat Jesus en Sy Apostels gehad het.

Jesus mag wonder: "Waarom koppel hulle My naam aan al hierdie snert?"

Die meeste opregte godsdiensgeleerdes erken dat enorme veranderings belydende Christelikheid omskep het in iets heeltemal anders as dít wat Jesus en Sy Apostels geglo en beoefen het! Die gerespekteerde hoofstroom Protestantse geleerde, Jesse Lyman Hurlbut, beskryf wat hy "'n tydperk van skadu's" noem, wat die oorspronklike Kerk skei van dit wat later gekom het: "Vir vyftig jaar na die dood van Paulus hang 'n gordyn oor die kerk, waardeur ons tevergeefs poog om te kyk. En wanneer daardie gordyn uiteindelik lig, so om en by 120 n.C., vind ons in die geskrifte van die eerste kerkvaders 'n kerk wat in baie opsigte heeltemal anders is as wat die kerk in die dae van Petrus en Paulus was" (*Story of the Christian Church*, bl.41).

Indien die leiers van die "tydperk van skadu's" waarna Hurlbut verwys, gevul was met en gelei was deur God se Gees, waarom sou die Kerk dan skielik "heeltemal anders" wees? Die Bybel vertel ons tog immers: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Tog is die belydende Christenkerk van vandag nie eens naastenby dieselfde as die een wat Jesus gevestig het nie.

In sy beskrywing van dieselfde periode, toe al die oorspronklike Apostels en hul opvolgers reeds gesterf het, skryf Hurlbut: "Die eredienste het toegeneem in praal, maar was minder geestelik en hartlik as vroeër. Die kerkgebruike en seremonies van die heidendom het geleidelik die aanbiddingsdienste binnegesypel. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met 'n verandering van naam en aanbidding. Teen 405 n.C. het beelde van heiliges en martelaars in die kerke begin verskyn; eers net ter gedagtenis, om later vereer en aanbid te word. Die aanbidding van die Maagd Maria was die plaasvervanger vir aanbidding van Venus en Diana; die laaste Avondmaal het 'n offerande in die plek van 'n herdenking geword, en die ouderling het ontwikkel van prediker tot priester" (ibid., bl. 79).

Voor-Christelike feeste is in "kerkfeeste" verander want, net soos God voorspel het, bose mense en vals leiers het die grootste deel van die kerk oorgeneem! Onthou hierdie geïnspireerde waarskuwing wat die apostel Paulus aan die ouderlinge in Efese gegee het: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle

sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie" (Handelinge 20:29-31).

Toe Paulus die omvang besef het van die geloofsversaking wat uiteindelik die grootste deel van die Kerk sou bereik, het dit hom emosioneel geraak. Hy het toe "dag en nag nie opgehou om elkeen met trane te vermaan nie". Min mense is egter vandag besorg genoeg oor dié groot geloofsversaking om enigsins daaraan te dink om trane te stort oor hierdie geweldige verandering!

**HOE kon dit gebeur het?**

Hierdie groot geloofsversaking het gebeur omdat mense toe, net soos nou, nie ywerig daarna gestreef het om vir hulleself te bewys waar God se waarheid verkondig word nie. Dit is waarom die Lewende Christus die Christene wat teen die einde van die Apostel-era geleef het, só vermaan het: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (Openbaring 2:4-5).

Wat van vandag? Hoe kan ons rekenskap gee van die etlike honderde kerklike denominasies en sektes wat hulself "Christene" noem? Almal van hulle het verskillende opvattings, tradisies en benaderings, nogtans maak hulle daarop aanspraak dat hulle dieselfde Jesus Christus volg.

'n Deel van die antwoord lê in die feit dat uiters min belydende Christene werklik die Skrif bestudeer, dus "bewys" hulle nie wat hulle glo deur dit noukeurig in die Bybel na te vors nie! Hulle mag wel ywerig boeke en artikels oor gesondheid, oor selfverbetering, of oor beleggings en hoe om meer geld te maak, bestudeer, maar om een of ander rede dring dit nie tot hulle deur om die belangrikste van alle onderwerpe deeglik te bestudeer nie: "Is daar 'n ware God? Indien wel, wat is Sy doel met die skepping van mense en hoe kan ons daardie doel verwesenlik"? Die Bybel beveel ons immers: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21).

Die meeste mense "aanvaar" eenvoudig net die godsdiens wat deur hulle familie aan hulle deurgegee word. Het u eenvoudig net "saamgegaan" met die geloof en tradisies wat aan u as kind geleer is?

Die *Los Angelos Times* se godsdiensskryfster, Teresa Watanabe, stel dit só: "Volgens een godsdiensnavorsingsfirma, lees twee-derdes van Amerikaners nie gereeld die Bybel of ken die name van die vier Evangelies nie. Meer as die helfte van die Amerikaners wat ondervra is, kon nie eens vyf van die Tien Gebooie opnoem nie. Die meeste sê hulle vind die Goeie Boek ontoepaslik ... 'Ons skryf die Bybel steeds hoog aan, maar om werklik tyd daaraan te spandeer deur dit te lees, te bestudeer en toe te pas – dit is iets van die verlede', sê [godsdiens meningspeiler] George Barna. Die redes wat daarvoor aangevoer word strek van veranderings in die Amerikaanse kultuur, tot die moeilikheidsgraad van die teks self. Godsdienstige organisasies wend nou 'n grootse poging aan om die antieke Skrif se wankelende beeld op te kikker. Bybelpubliseerders produseer nou 'n verbysterende verskeidenheid produkte, met vertalings en uitgawes gerig op elke denkbare markgroep, om mense te oortuig dat die Boek nóg outyds, nóg ontoepaslik is" (*Los Angelos Times*, 23 Julie 1999).

Natuurlik is die werklike onderliggende oorsaak vir hierdie groot godsdienstige geloofsversaking, die feit dat dit Satan se wêreld is en dat hy die oorgrote meerderheid van die mensdom totaal mislei het. In die gerieflike omgewing van ons Westerse samelewing, faal die meeste van ons in Noord-Amerika en Europa [en ook in Suid-Afrika] om te besef dat die oorgrote meerderheid mense nog nooit in enige vorm van "Christelikheid" geglo het nie – laat staan nog die ware Christelikheid van Christus en Sy Apostels!

Indien u u eie Bybel bestudeer en glo, sal u vind dat Satan, die Duiwel, beskryf word as die een "wat die hele wêreld verlei" (Openbaring 12:9). U sal ook vind dat Satan beskryf word as "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die

ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Satan "saai" 'n selfsugtige, rebelse gesindheid dwarsoor die wêreld "uit". Hy is die een wat misleide mense beïnvloed om enorme hoeveelhede ongeoorloofde seks, geweld en 'n algemene gesindheid van minagting en wetteloosheid in ons sogenaamde "vermaak" in te sluit wat u en u kinders elke dag sien en hoor op die televisie, in rolprente en oor die radio. Dit kom ook voor in die verwronge rekenaarspeletjies wat amper onbeskryflike dade van perversie en geweld naboots. Weet u wie lag eintlik oor al hierdie "pret"? Satan!

Deur die mens se natuurlike belangstelling in seks en opwinding te verdraai en om op 'n sluwe wyse verwronge humor in so baie "situasie-komedies" in te sluit, slaag Satan op slinkse wyse daarin om die mensdom te mislei om hulself te misbruik, te verkleineer – en uiteindelik te vernietig – as God nie op die laaste nippertjie sal ingryp om dit te voorkom nie (Mattheus 24:21-22). Satan is waarlik die "god" van hierdie huidige wêreld! Die apostel Paulus is geïnspireer om te skryf: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4).

Die belangrikste van alles is dat Satan 'n hele reeks absoluut vals begrippe in die hoofstroom-"Christendom" ingepomp het, rakende die oorsprong en lotsbestemming van die mens, hoe God is, wat God se ontsagwekkende doel is en hoe ons daardie groot doel kan verwesenlik. Satan het die waarheid "verdoesel". Daarby het Satan die mens so in die war gebring oor profesie, dat die meeste belydende Christene en selfs die meeste Christelike predikante en priesters eenvoudig tou opgooi en Bybelprofesieë feitlik heeltemal ignoreer. Nogtans het ons Skepper ongeveer een kwart van die hele Bybel "aan die profetiese woord wat baie vas is" gewy (2 Petrus 1:19).

**Sleutelfeite om te oorweeg**

Die eerste punt waaraan ons dus moet aandag skenk is dat die mensdom werklik mislei is. Ons sien dat ons die "pad heeltemal bystergeraak het" wanneer ons moderne belydende Christendom vergelyk met die godsdiens van Jesus en die Apostels. Soos een bekende professor in Godsdiens skryf: "Indien Christus Self deur Sy latere volgelinge as die model en voorbeeld van die nuwe weg geneem is en daar 'n ernstige poging aangewend was om Sy lewe en leerstellings as norm en standaard vir die Kerk te stel, sou Christelikheid iets baie anders gewees het as wat dit nou is. Dan sou kettery wees wat dit nie nou is nie, dit sou 'n afwyking wees van Sy weg, Sy leerstellings, Sy Gees, Sy koninkryk" (Rufus M. Jones, "*The Church's Debt to Heretics*", bl. 15-16).

Die waarheid is duidelik. Moderne "Christelikheid" het iets heeltemal anders geword as die Christelikheid van Christus!

Sommige van u mag wel sê: "Nou wat daarvan?" Dit is egter geen nietige saak waaroor ons hier praat nie. Eerlikwaar, ons praat aan die een kant van die weg na die ewige lewe en aan die ander kant van die ewige dood (Romeine 6:23). Indien u dus nie die Christelikheid van Christus het nie, het u absoluut geen Christelikheid nie!

Jesus Self waarsku: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie? Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree" (Mattheus 7:21-23, Nuwe Vertaling). Dit is belangrik om te besef dat Christus aan diegene sal sê wat in gebreke gebly het om Sy Vader se wil te doen: "Ek het julle nooit geken nie". In eenvoudige taal, daardie misleide kerkgangers sal vertel word dat hulle in werklikheid nooit bekend was met die Christus wat hulle beweer hulle gedien het nie. Hulle was nooit werklik bekeerd nie. Hulle was nooit werklik "Christene" nie!

Jesus sê weer 'n keer: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). 'n "Heer" en "meester" is iemand aan wie

mens gehoorsaam is. Die meeste belydende Christenleraars en hul aanhangers wil nie die duidelike leerstellings en voorbeelde van Jesus en die Apostels navolg nie. Die meeste van hulle doen nie eens die moeite om diep in hul Bybels te delf om uit te vind wat daardie leerstellings en voorbeelde is nie!

**Ontdek weer oorspronklike Christelikheid**

Die sleutelkwessie is dus ons begeerte en gewilligheid om terug te keer tot die ware Christelike geloof "wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Is u gewillig om waarlik te probeer om die Christelikheid van Christus na te volg? Of sal u eerder Christus se woorde ignoreer en "'n kans vat" in u verhouding met God en u strewe na die ewige lewe?

Die "klein kuddetjie" (Lukas 12:32) – die ware Kerk van God – het nog altyd die noodsaaklikheid verstaan om te handel volgens die leerstellings en voorbeelde van Christus en die Apostels. Alhoewel baie min mense ernstig probeer het om hierdie patroon na te volg, verstaan baie geleerdes en godsdienshistorici die konsep van die "Jerusalem-Kerk van God". Dit is 'n lewensbelangrike konsep om te verstaan as ons opreg belangstel om te stry vir daardie geloof "wat eenmaal ... oorgelewer is".

Die apostel Paulus is geïnspireer om aan dié in Thessalonicense te skryf: "Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die Jode" (1 Thessalonicense 2:14). Die boek Handelinge maak dit duidelik dat die aardse "hoofkwartier" van die Kerk van God vir baie dekades die Jerusalem-Kerk was. Dit was in Jerusalem waar die Heilige Gees oorspronklik uitgestort was op die ware Christene (Handelinge 2). Dit was in Jerusalem waar Petrus, Jakobus en Johannes vir baie jare die meeste van hul bediening gedoen het (Handelinge 4:1-4; 8:1; 11:1-2). Later het Paulus en Barnabas na die leierskap in Jerusalem gegaan om die belangrike kwessie van besnydenis vir die heidene en ander verwante vrae, uit te klaar (Handelinge 15:4-6). Soos die befaamde historikus Edward Gibbon skryf: "Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode en die gemeentes waaroor hulle aangestel was, het die Wet van Moses met die leerstellings van Christus versoen. Dit was natuurlik dat die primitiewe tradisie van 'n Kerk wat gevestig was slegs veertig dae ná die dood van Christus en vir net soveel jare onder die direkte beheer van Sy apostel was, aanvaar sou word as die standaard van ortodoksheid. Die afgeleë kerke het hul gereeld beroep op die gesag van hul geëerde Ouer" (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hfst. 15, afd. 1, bl. 389).

Na die groot Jerusalem-konferensie soos hierbo genoem reis Paulus en Silas deur Klein-Asië en besoek die kerke: "En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou" (Handelinge 16:4).

**Paulus het Jerusalem se leiding gevolg**

Dit is duidelik dat die oorspronklike Apostels en die Jerusalem-Kerk van God die geïnspireerde "patroon" vir ware Christelikheid gestel het, nie slegs vir daardie tydperk nie, maar vir alle tye! In teenstelling met die ketterse Protestantse opvattings dat God later die apostel Paulus gebruik het om Christelikheid te "herontwerp", het die ware apostel Paulus van die Bybel voortdurend diep respek aan die oorspronklike Apostels betoon en hom in alle belangrike sake aan die leierskap in Jerusalem onderwerp. Dit was ook die apostel Paulus wat aan die hoofsaaklik heidense kerk in Korinthe geskryf het: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God" (1 Korinthiërs 7:19).

Die bekende historikus, Carl von Weiszäcker, het in 1895 geskryf: "Paulus het sy belangstelling nie slegs beperk tot die Christenkerk wat hy onder die heidene gestig het nie. Sy gedagtes was te verhewe om die Joodse Christelikheid aan sigself oor te laat. Hy het nie slegs geswoeg vir sy eie werk nie, maar vir die Kerk van God ... vir die hele

Kerk. Hy het nooit vir een oomblik die ware geboorteplek van die evangelie vergeet nie. Vir hom was die Christene in Jerusalem altyd die [heiliges] ... Hy het nie slegs 'n verhewe beleid van kerklike eenheid daarop onderhou nie, maar sy eerste en deurlopende gedagte was dat die primitiewe Kerk die belangrikste goddelike instelling was onder die Evangelie ... In die vroeë Apostels sien ... hy die Apostels van die Here. Van hulle af het die getuienis van die opstanding uitgegaan (1 Korinthiërs 15:1, ff). Hulle was altyd die Apostels wat God aan die hoof van Sy Kerk geplaas het, die eerste van daardie goddelik-aangestelde mans wat die leierposisies in die Liggaam van Christus beklee het" (*The Apostolic Age of the Christian Church*, bll.12-13).

Later in Paulus se bediening reis hy weer na Jerusalem: "En toe ons in Jerusalem aankom, het die broeders ons met blydskap ontvang. En op die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus se huis gegaan, en al die ouderlinge was daar teenwoordig" (Handelinge 21:17-18). Let daarop dat Paulus hom aangemeld het by Jakobus, die Here se broer, wat toe ongetwyfeld die leidende apostel in Jerusalem was – Petrus het toe heel moontlik na die "verlore skape" van Israel in noordwestelike Europa en die Britse Eilande gegaan.

Nadat hulle almal verheug was oor Paulus se goeie nuus aangaande God se Werk onder die heidene, het die leierskap in Jerusalem aan Paulus gesê: "U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet" (vers 20). Die uitdrukking "duisende" verwys letterlik na "tienduisende". Om nie hierdie groot getal Joodse Christene te ontmoedig of te verwar nie, vra die Jerusalem-Kerk dat Paulus 'n offer-seremonie moet uitvoer om in die openbaar te bewys dat hy gladnie iets in stryd met God se wette verkondig nie. Soos daardie Jerusalem leiers dit aan Paulus verduidelik: "Doen dan wat ons vir u sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het; neem hulle en heilig u saam met hulle en betaal die koste vir hulle, sodat hulle hul hoofde kan skeer en almal kan weet dat daar niks is in wat van u vertel word nie, maar dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou" (verse 23- 24).

Indien Paulus enigiets in stryd met God se wet verkondig het – veral God se geestelike Wet soos vervat in die Tien Gebooie – sou hy seer sekerlik nie hierdie seremonie volgens die wet van Moses uitgevoer het nie. Daardie spesifieke seremonie – moontlik 'n dankoffer na afloop van 'n Nasireër-eed – was nie nodig vir 'n Nuwe-Testamentiese Christen nie, maar dit was ook nie "sonde" nie! Paulus se diepe respek vir God se wette, vir die oorspronklike moederkerk asook vir die patroon van gehoorsaamheid aan God se Wet, het hom gelei in sy besluit om met die seremonie voort te gaan. Hierdeur toon God aan ons dat Paulus se benadering een van gehoorsaamheid aan die wet was, nie om God se geestelike wette af te skaf of "daaróm te redeneer" – soos so baie Protestantse teoloë nou verkondig nie!

Wanneer hy die algemene gebruik van die vroeëre Christene beskryf, haal kerkgeleerde Samuele Bacchiocchi in sy boek, *From Sabbath to Sunday*, bl.151, vir historikus W. D. Davies aan: "Oral, veral in die Ooste van die Romeinse Ryk, was daar Joodse Christene wie se sigbare lewenswyse nie merkbaar verskil het van die Jode nie. Hulle het dit as vanselfsprekend aanvaar dat die evangelie 'n voortsetting was van die [godsdiens van Moses]; ... vir hulle het die Nuwe Verbond, wat Jesus tydens die Laaste Avondmaal met Sy dissipels ingestel het ... nie beteken dat die verbond tussen God en Israel nie meer van krag is nie. Hulle het steeds die Pasga-, Pinkster- en die Huttefees gevier; hulle is nog steeds besny en het die weeklikse Sabbat en die Mosaïse voedselwette nagekom. Volgens sommige geleerdes moes hulle so sterk gewees het dat hulle tot en met die val van Jerusalem in 70 n.C., die hoof-element in die Christelike beweging was [*Judeo-christianisme, "Paul and Jewish Christianity",* 1972, bl. 72]" (uit *Sabbath to Sunday*, bl.151).

Dus, vir ongeveer die eerste veertig jaar, toe die Christendom

deur die Heilige Gees gelei was, het die "hoof-element" in die Kerk van God steeds Christus se voorbeeld gevolg in die onderhouding van die weeklikse en jaarlikse Sabbatte, net soos God dit beveel het. Hulle het nog steeds die voorbeeld gevolg wat deur die Jerusalem-Kerk van God gestel is!

Wie het durf waag om dit alles te verander?

Soos ons reeds gesien het was dit nie die apostel Paulus nie. Dit was beslis ook nie een van die oorspronklike twaalf Apostels nie. Veel eerder, toe die periode – wat gepas die "Donker Eeue" genoem word – op dreef gekom het, het misleide Katolieke biskoppe en pouse begin om bykans alles te verander wat die Christelike godsdiens iets heeltemal anders gemaak het as die heidense kultusse van die Romeinse Ryk.

Dit is belangrik dat ons lesers ten volle besef dat ons in hierdie Werk, almal toegewy is aan die taak om die oorspronklike Christelikheid te hervestig! Wanneer u ons artikels en boekies lees of indien u na die *Tomorrow's World* se TV-beeldsendings kyk, is dit uiters belangrik dat u insig het oor waar ons vandaan kom. Ons streef egter daarna om dieselfde boodskap te preek en te verkondig wat Jesus en die eerste Apostels gedoen het. Ons poog om – in alle geestelike aspekte – die lewenswyse wat Jesus en die Apostels geleef en verkondig het, te beoefen. Ons sal ook, gelei deur God se Gees, die geïnspireerde profesieë van die Bybel verkondig – om almal wat gewillig is om te luister, te waarsku oor *wat voorlê*. Indien *u denke* geopen is en u graag meer wil leer aangaande die oorspronklike Christelikheid van Christus en die Apostels, skryf dan gerus aan ons of skakel ons en vra om u *gratis* kopie van ons insiggewende boekie: *Hervestig die CHRISTENSKAP van die APOSTELS*. Dit is belangrik dat u die *Waarheid* aangaande ware Christelikheid verstaan – en dan volgens daardie Waarheid *handel*! Mettertyd as God se ingryping in menslike aangeleenthede en die Groot Verdrukking – wat net om die draai lê – naderkom, is dit absoluut noodsaaklik dat u en u geliefdes seker maak dat u werklik aan Jesus Christus behoort – die ware Christus van die Bybel. En, dat u God in "gees en in waarheid" aanbid (Johannes 4:23), asook dat u deel is van die ware Kerk van God wat oorspronklike Christelikheid verkondig en dit beoefen – die Christelikheid van Jesus Christus en Sy Apostels. Indien u meer te wete wil kom of selfs 'n verteenwoordiger van daardie ware Kerk wil ontmoet op 'n tyd en plek wat vir u gerieflik is, skakel of skryf dan aan ons streekskantoor naaste aan u, soos aangegee op bladsy 2 van hierdie uitgawe. "Wie 'n oor het, laat hom hoor ..." (Openbaring 3:13). WvM

***Vervolg vanaf bladsy 22 – Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande***

Waarom het die waarheid aangaande die eerste aankoms van Christelikheid in Europa se westelike eilande – en die lot van die ware evangelie aldaar – verdoesel en vergete geraak? Waarom word so baie duidelike geskiedkundige annale opsy geskuif? Daar is verskeie redes. Die Bybel onthul dat ware Christelikheid in 'n stryd gewikkel is met bose magte: Satan, sy demone en wie hulle ook al kan beïnvloed (Efesiërs 6:10-12). Sekulêre historici en liberale teoloë neem hierdie geestelike dimensie nie ernstig op nie, hoewel dit in 'n groot mate verduidelik wat met die ware evangelie gebeur het. Satan, as God se teenstander (Jesaja 14:12-15) het gepoog om God se plan reg van die begin af te fnuik en te ontspoor. Satan was agter die pogings om Jesus dood te maak en Sy prediking te beëindig (Mattheüs 2:1-18; Mattheüs 26:1-5; Johannes 8:37-44; Johannes 13:2). Satan poog ook om ware Christelikheid te ondermyn deur die verspreiding van ketterse en subtiel-misleidende idees te bevorder (sien Handelinge 20:29-30; 2 Petrus 2:1-3).

Foutiewe menslike redenasies het ook 'n rol gespeel in die verdoeseling van die ware evangelie. Die Bybel verduidelik: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12). Oor die eeue heen het sommige mense gedink dit is maar reg om

***Vervolg op bladsy 13***

# Wat behoort die Kerk te doen?

*Deur* **Rod McNair**

**Het die Kerk nog steeds 'n doel hier aan die daeraad van die 21ste eeu? Kan u 'n deel daaraan hê?**

Die "hoofstroom" Christendom is in 'n identiteitskrisis gewikkel! Baie mense wat hulself as Christene beskou, is onseker oor hul kerk se doelstelling en oor die rol wat dit in hul lewe behoort te speel. Baie mense hunker na die gerieflike tradisies van die verlede. Andere soek weer na 'n meer "geloofwaardige" ondervinding. Sommige mense soek slegs na genesing en vertroosting. Wat is egter die doel van die kerk?

Baie mense wat heeltemal ontnugter is deur "georganiseerde godsdiens" in die algemeen, soek elders na antwoorde. Vir hulle het godsdiens heeltemal ontoepaslik geword, want *hulle kerk het geen betekenisvolle identiteit of funksie nie*. Navorsers James Patterson en Peter Kim het tot die gevolgtrekking gekom dat Amerikaners in bykans elke streek van die nasie, "eenvoudig hulself nie meer na God of godsdiens wend ten einde hulle te help besluit oor die kern en morele sake van die dag nie" (*The Day America Told the Truth*, bl. 199).

Waarom is kerke in so 'n verwarde toestand? Wat is die doel van die kerk in die eerste instansie? Wat behoort u kerk in hierdie tyd te doen?

### Volg Jesus Christus

Toe Christus op die aarde gewandel het, het Hy geen twyfel gelaat oor wat die Kerk **behoort** te doen en **sou** doen nie. Hy het dit gebou en gesê dat dit sou bly bestaan tot en met Sy Wederkoms (Mattheus 16:18). *Wat was egter die funksie van daardie Kerk*?

Jesus Self gee die antwoord. Kyk wat Hy gedoen het toe Hy Sy bediening begin het: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). Jesus het die goeie nuus van Sy Koninkryk aangekondig en het berou oor sonde, geloof in die evangelie en bekering verkondig.

Doen u kerk wat Christus gedoen het? Dit behoort! Betrek dit u in die werk om die Koninkryk van God te verkondig? Beleef u ware berou en bekering? Indien nie, *waarom nie*?

### Aankondiging van God se toekomstige Koninkryk

Toe Christus begin het om die evangelie (goeie nuus) van die Koninkryk van God te verkondig, het Hy Sy eie, letterlike heerskappy oor die aarde voorspel. Die heiliges se heerskappy onder Christus was verstaan en voorspel deur die profeet Daniël (Daniël 2:44; 7:18). Jesus se aanhoorders het nie slegs hierdie feit aanvaar nie, maar die meeste van Sy dissipels was so geesdriftig daaroor dat hulle geglo het dat daardie Koninkryk onmiddellik gevestig sou word (Handelinge 1:6; Lukas 19:11). In ons tyd is die geprofeteerde waarheid van Christus se duisendjarige Vrederyk nogtans aan die meeste belydende Christene onbekend.

Dit was egter nie altyd so nie. Die vroeëre Christene *was baie ingestel* op die hoop van Christus se Wederkoms en *was opgewonde daaroor*! Hulle het egter geleidelik die pad byster geraak, soos historikus Edward Gibbon verduidelik: "In die primitiewe kerk ... was dit algemeen geglo dat die einde van die wêreld en die koninkryk van die hemel op hande was ... Die leerstelling van Christus se heerskappy op aarde was eers

as 'n volslae versinnebeelding behandel, later geleidelik as 'n twyfelagtig en nuttelose opinie beskou en uiteindelik verwerp as die absurde uitvindsel van kettery en fanatisisme" (*Christianity and the Decline of Rome* deur Edward Gibbon, red. Sloan, bll. 105-106).

Namate die geloof in Christus se duisendjarige Vrederyk oor die eeue gekwyn het, het baie mense hulle gewend tot die idee dat die kerk self die wêreld sou verander. Dit het gelei tot die beklemtoning van verskillende soorte *sosiale aktivisme* in die hoop dat dit 'n beter wêreld teweeg sou bring.

Ons het hierdie neiging ook in moderne tye waargeneem. Na die Tweede Vatikaanse Raad het Rooms-Katolieke teoloë in die 1960s dít ontwikkel wat bevrydingsteologie genoem kan word. Dit het die aandag toegespits op maatskaplike transformasie eerder as persoonlike bekering. Skrywer Robin Keeley merk op dat met bevrydingsteologie "diens aan die armes verstaan word as 'n begrip van hulle nood, verdediging van hulle regte en om hulle te organiseer vir sosiale aktivisme" (*The Quiet Revolution*, bl. 226).

Christus het die siekes genees, die dooies opgewek en die verdruktes bevry, soos ons in die evangelies lees. Hy het Sy dissipels geleer om dieselfde te doen (Lukas 10:9). Let egter daarop dat dit nie Sy missie was om slegs te genees nie; dit was om die toekomstige Koninkryk van God te verkondig (verse 10-11).

Toe Jesus Jesaja se profesie in die tempel gelees het, het Hy in die middel van die sin opgehou. Deur dit te doen, het Hy getoon dat die finale vervulling van Jesaja se profesie eers in die Millennium sou geskied, wanneer die Koninkryk van God reeds op die planeet Aarde gevestig sal wees. In daardie profesie het Jesaja aangaande die Messias voorspel: "... die Here het My gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos ... En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woes was van geslag tot geslag" (Jesaja 61:1-2,4). Jesaja het geskryf van Christus se Wederkoms en van die herbouingsproses wat sal plaasvind ***nadat*** Hy Sy Koninkryk op aarde gevestig het!

Daardie tyd lê nog in die toekoms! Jesus Christus se duisendjarige heerskappy sal 'n *ongekende* mate van voorspoed inlui, met vertroosting en hulp aan diegene wat verdruk en onderdruk was. Jesaja voorspel van 'n wonderlike tyd van gelykheid en billikheid, wanneer hy skryf aangaande die komende Messias: "... maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel" (Jesaja 11:4).

Christus het Sy dissipels aangesê om die hele wêreld in te gaan en die evangelie van die Koninkryk van God te verkondig (Markus 16:15). Hy het geweet die meeste mense sou nie reageer nie en dus eenvoudig die boodskap as 'n getuienis van wat aan die kom is, sou ontvang. Hy het egter ook Sy dissipels aangesê om daardie mense wat hulle wel sou bekeer en ***ag slaan*** op Sy boodskap, te doop (Mattheus 28:19-20).

Baie hedendaagse Christene lei af, wanneer hulle na die Bybelse beskrywing van die Millennium kyk, dat dit hulle verantwoordelikheid is om nie slegs maatskaplik aktief te wees nie, maar ook polities aktief, sodat hulle die morele en maatskaplike sake wat húlle glo die Vrederyk-toestande sal aanhelp, kan bevorder. Was dit egter werklik Christus se wens dat Sy mense moes probeer om die wêreld "reg te stel?" Of was dit Sy prioriteit om *die volgende tydperk aan te kondig en daarvoor voor te berei*, deur die goeie nuus van Sy Koninkryk uit te dra (Mattheus 24:14)? Jesus het gesê dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (Johannes 18:36) en die apostel Paulus beskryf homself as 'n "ambassadeur vir Christus" vir daardie toekomstige Koninkryk (2 Korinthiërs 5:20). Waarlikwaar, God se Kerk sal nie verstrengel raak in die

politiekery van hierdie huidige bose wêreld nie, *maar sal eerder besig wees om die toekomstige een te verkondig*!

Ja, daar sal altyd mense wees wat daarna streef om konings en nasie te beïnvloed in die naam van hulle godsdiens. Bybelse profesie onthul selfs dat 'n groot valse kerk hom sal verstrengel met 'n anti-goddelike politieke wese en daardeur die ganse mensdom op die randjie van uitwissing sal bring! "Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery" (Openbaring 17:1-2). Hierdie "hoer" – of valse kerk – sal deel wees van die sisteem wat teen Christus sal veg: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:14). Hierdie botsing sal 'n verskriklike tyd van oorlog meebring, wat die Bybel die "Dag van die Here" noem, wat baie na daaraan sal kom om alle lewe op aarde uit te wis. Jesus Christus sal egter weer kom voordat die hele mensdom vernietig is (Mattheus 24:21-22).

Christus wil beslis hê dat ons ons naaste moet liefhê (Mattheus 19:19) en om goed te doen aan alle mense sover dit in ons vermoë is en ons die geleentheid daartoe het (Galasiërs 6:10). Die funksie van die Kerk is egter om die Werk van God te doen en nie om die wêreld nou te hervorm nie. Die Kerk wat Jesus Christus gebou het sal Sy voorbeeld volg deur die ware evangelie aan die wêreld te verkondig. Dit sal nie van spoor af gebring word deur 'n valse evangelie van politieke of maatskaplike aktivisme nie, omdat dit besig sal wees met die *verkondiging van die goeie nuus van Sy toekomstige Koninkryk!*

'n Bykomende rede waarom die meeste hedendaagse kerke nie Christus se toekomstige Koninkryk verstaan nie is omdat hulle die Bybelse Heilige Dae wat Jesus en Sy Apostels self onderhou het, versaak het. Daardie Heilige Dae beeld God se plan vir die mensdom uit – insluitende Christus se Wederkoms om oor Sy Koninkryk te heers – slegs die Kerk wat daardie Heilige Dae onderhou en verstaan, kan werklik die volle betekenis van Christus se Wederkoms verstaan. Sy Kerk vier die Fees van Basuine wat Sy triomfantlike Wederkoms met die blaas van die laaste basuin, versinnebeeld (1 Thessalonicense 4:16). Selfs in die eindtyd sal God se Kerk nie slegs die "jaarlikse Sabbatte" vier nie, maar ook die Sewende-dag Sabbat wat die duisendjarige Sabbat in God se 7,000 jaar plan versinnebeeld (Hebreërs 4:8-10). Die meeste mense wat hul vandag Christene noem, glo dat met daardie Sabbatte op een of ander manier "weggedoen" is – hoewel nóg Christus nóg Sy dissipels daarmee weggedoen het. In werklikheid toon die Skrif dat na Christus se Wederkoms, die hele wêreld die Huttefees sal vier (Sagaria 14:16).

### Verkondig geloof en bekering

Christus het nie slegs die toekomstige Koninkryk van God verkondig nie. Hy het by Sy aanhoorders aangedring: "... bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). Sy boodskap van bekering is versinnebeeld deur Johannes die Doper (Mattheus 3:2). Die apostel Petrus se preek op Pinkster beklemtoon ook die belangrikheid van bekering vanuit sonde (Handelinge 2:38).

Nietemin, baie kerke het deesdae die kluts kwytgeraak oor die kwessies van sonde, bekering en geloof. Skrywer Mike Regele verduidelik dat Christelikheid in Amerika in die 1980s 'n aansienlike klemverskuiwing ondergaan het, *verwyderd van moraliteit en die erkenning van sonde,* na die valse evangelie van "persoonlike groei". "[In die 1980s] was die ontwaking verby en die na-binne-gerigte tydperk van terapie was op die voorgrond. Preke oor die diepte van iemand se morele en geestelike verval het eenvoudig nie so goed gevoel nie. In die na-binne-gerigte eras wil mense goed oor hulself voel" (*Death of the Church*, bl.39).

Daardie vals "goed-voel" boodskap kom nie van Jesus Christus nie! Hy het nie met "mooipratery" na die aarde gekom nie (Jesaja 30:10). Hy het 'n kragtige boodskap gebring

wat bedoel was om Sy luisteraars te oortuig van hul sonde en hulle te motiveer om te verander!

Lees aandagtig wat Christus aan Sy luisteraars in Mattheus 5, dikwels die "Bergpredikasie" genoem, vertel het. Mense beskou soms Sy woorde foutiewelik as 'n soort sentiment wat die nodigheid om berou oor sonde te hê en God se wette te gehoorsaam, verwater of mee wegdoen, maar die teenoorgestelde is waar. Christus sê Hy het *nie gekom om die Wet te ontbind* nie, maar om dit te vervul (vers 17). Hy sê dat *nie een enkele deeltjie van die Wet verlore sal gaan* nie (vers 18). Hy veroordeel daardie mense *wat selfs die geringste van die gebooie verbreek* (vers 19). Hy het Sy volgelinge gewaarsku dat *hulle geregtigheid die geregtigheid van die Fariseërs moet oortref*, maar sonder die Fariseërs se geveinsdheid (vers 20). Hy het hulle geleer dat nie slegs moord verkeerd is nie, maar dat selfs die *gesindheid van moord* die doodstraf verdien (vers 22). Hy het hulle ook geleer dat dit nie slegs die daad van owerspel is wat verkeerd is nie, maar dat *selfs die blote gedagte om owerspel te pleeg*, die doodstraf regverdig (vers 28).

Moet asseblief nie verkeerd verstaan nie. Jesus Christus het die straf vir ons sondes betaal (1 Petrus 1:18-19; Openbaring 12:10-11), ons kan nie redding "verdien" nie – dit is 'n geskenk van God (Romeine 6:23). *Waarom sal Jesus egter "bekering" en geloof verkondig, tensy distansiëring van sonde verpligtend is vir ware, hedendaagse Christene*? Sal Jesus Christus die ewige lewe skenk aan enigeen wat in opstand teen Hom en Sy Wet leef? Christus Self sê as ons die ewige lewe wil ingaan dan moet ons die gebooie onderhou (Mattheus 19:17). *Daardie gebooie sluit die onderhouding van die Sewende-dag Sabbat en die sewe jaarlikse Heilige Dae in,* wat die meeste belydende Christene deesdae verwerp.

Selfs sekulêre waarnemers erken dat 'n Christelike boodskap wat suiwer oor persoonlike groei gaan *sonder 'n diepe erkentlikheid van sonde en 'n wending na bekering en geloof*, eenvoudig geen geestelike betekenis het nie. "Dit is merkwaardig dat een van die evaluerings wat in die laaste twintig jaar hierteenoor opgeweeg word, die toenemende privatisering van persoonlike groei is ... Amper 'n behepheid met persoonlike groei binne geloofsoorlewerings word geregverdig onder die banier van 'besig wees om God te leer ken'. Mens wonder of dit nie miskien maar net 'n ander verskynsel van selfbevrediging is nie, 'n gedragspatroon wat heeltemal verenigbaar is met die 'stemming' van die na-binne-gerigte era" (Regele, bl. 40).

Jesus was besorg oor genesing en het hulp verleen aan diegene wat gebroke en seergemaak was. Hy het die gebrokenes van hart genees en die wat verdruk was vrygelaat (Lukas 4:18). Hy het die siekes genees (Lukas 7:22). Hy het gekom om almal wat belas is, rus te gee (Mattheus 11:28-29). Hy het egter nie 'n evangelie van "selfbevrediging" gebring of van "opstand teen die Wet" nie. Hy het ware vryheid onder die "wet van die vryheid" geleer (Jakobus 1:25).

Pas u *werklik* u lewe aan volgens Christus se boodskap? Smeek u God om u tot bekering te lei (Romeine 2:4; Lukas 5:32)? "Dra ... [u] vrugte wat by die bekering pas" (Mattheus 3:8)? Verkondiging van bekering en geloof is deel van die ware opdrag wat Christus uitgedra het – en wat Hy ook aan Sy Kerk toevertrou het.

**Die ware opdrag – of 'n verbygaande gier?**

Reeds goed binne die een-en-twintigste eeu in, ervaar baie kerke dat hulle rondskarrel om betekenis en doel te vind. Toe kerke hulle lidmate om terugvoering gevra het oor hul "kerklike ondervinding" het hulle 'n verstommende versameling teenstrydige reaksies ontvang, soos skrywer Brian McLaren opmerk: "Klagtes wissel van verstaanbaar tot onsamehangend tot onverenigbaar: Dit is te vervelig. Dit is te vermaaklikheidsgerig. Dit is te oppervlakkig. Dit is te diepsinnig. Dit is te intellektueel. Dit is te emosioneel. Dit is te eietyds. Dit is te tradisioneel. Dit is te passief. Dit is te aktief. Dit is te veeleisend. Dit is te maklik" (*The Church on the other side*, bl. 43).

"Mega-kerke" voorsien nou in die behoeftes van diegene wat soek na 'n energieke mengsel van deelgenootskap en selfhelp-programme in 'n ontspanne atmosfeer. Nogtans het sommige reeds begin agtergekom dat hierdie instellings groot getalle mag trek – *maar dat hulle nie ware dissipels trek* nie. Columbus, Ohio se radiokommentator, Bob Burney, maak die ongunstige uitlating oor hierdie verskynsel in sy rubriek by www.townhall.com: "Indien u slegs 'n skare verlang, sal die 'soek-gerigte' model resultate oplewer. Indien u bestendige, opregte, volwasse volgelinge van Jesus Christus verlang, dan is dit 'n bankrot-opsie" ("*A Shocking Confession from Willow Creek Community Church*", 30 Oktober 2007).

Terselfdertyd vermeerder splinter "mini-kerke" teen 'n verstommende tempo. Volgens navorser, Mark J. Penn, is daar bykans 10,000 unieke godsdienste regoor die aardbol, met twee of drie nuwes wat elke dag ontstaan. Die meeste daarvan is grens-ontwikkelings wat afgesplinter het van groter organisasies. "Amerikaners mag wel die opkoms van "mega-kerke" beleef – daardie uitgestrekte "sogenaamde netwerke van God" wat enigiets aanbied van liturgiese verduideliking tot vlotvaarte vir tieners – maar wêreldwyd is die teenoorgestelde waar. Wat werklik floreer, is mini-kerke; klein en klaarblyklik dweepsiek, nuwe groepe van besonder toegewyde volgelinge" (*Microtrends*, bl. 312). Namate nuwe godsdienstige organisasies afsplinter en vermenigvuldig, groei verwarring oor die betekenis en doel van die Kerk.

Wees dankbaar dat u nie nodig het om verward te wees oor die funksie van God se ware Kerk vandag nie. In ons tyd van snelle verandering, kan u verseker wees dat die ware Kerk wat *Jesus Christus gebou het*, getrou sal doen wat Hy gedoen het, tot met Sy Wederkoms (Openbaring 1:7). Dit sal nie van koers gedryf word deur maatskaplike giere of nuwerwetse neigings nie, nóg deur vernietigende dwaalleerstellings. Dit sal aan die wêreld die goeie nuus van Jesus Christus se toekomstige Koninkryk verkondig (Mattheus 24:14). En dit sal 'n onbeskroomde "waarskuwende trompet" van bekering en geestelike verandering blaas. Soos Jesaja skryf: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jesaja 58:1).

Dít is wat die Kerk wat Jesus gebou het, sal doen, selfs in hierdie een-en-twintigste eeu, net soos dit gedoen is van die begin af. *Is u deel van daardie Kerk?* WvM

***Vervolg vanaf bladsy 8 – Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande***

voormalige heidene toe te laat om hulle gunsteling godsdienstige praktyke te bly beoefen, solank hulle dit net in 'n ander gees doen, omdat dit hulle dan mag help om "Christenskap" te aanvaar. Dit is waarom die heidense vieringe van Kersfees, Paasfees, die heiliges se dae, asook aanbidding van hulle beelde en gebede vir die afgestorwenes, onderskryf was deur die Roomse kerk. Nogtans verdoem die Bybel in werklikheid hierdie praktyke (sien Eksodus 20:1-7; Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:1-5). Aangesien sodanige gebruike in die kerk oorgeplant was, is ware Christenskap uiteindelik vervang deur heidense gebruike.

Menslike vooroordeel het ook 'n rol gespeel in die verdoeseling van die waarheid. Na die eerste eeu se Joodse opstand teen Romeinse gesag, het gebruike wat na Joods gelyk het – Sabbatonderhouding, die hou van die Bybelse Heilige Dae en die navolging van Bybelse dieetwette – onderwerpe van smaad en afsku geword, alhoewel dit deur Jesus, Sy dissipels en die vroeëre kerk onderhou was (sien Lukas 4:16; Handelinge 17:2; 18:21). Dit het eeue van vasberade pogings geverg om hierdie leerstellings uit te wis, soos ons sien uit die Quartodecimaanse omstredenheid in Klein-Asië en in Engeland. Baie geleerdes is vandag vinnig om Aartsbiskop

***Vervolg op bladsy 19***

# Hoe om u Bybel te bestudeer

*Deur* **Richard F. Ames**

**U besit heel moontlik 'n Bybel. Het u dit al werklik bestudeer? Indien u nie weet hoe om u Bybel te bestudeer nie, sal dit 'n raaisel vir u bly en u sal in gebreke bly om die mees opwindendste, gedagte-verrykende inligting en kennis wat die wêreld nog ooit geken het, te bekom!**

Meer as 100 miljoen Bybels word jaarliks oor die wêreld heen verkoop. Verstaan enigeen egter werklik die Bybel? Kan *u* dit verstaan? In hierdie artikel sal ons sewe eenvoudige maar nogtans wesenlike beginsels bespreek wat u kan help om hierdie wonderlike boek te bestudeer.

Indien u al lank die *Wêreld van Môre* lees, dan lees u waarskynlik u Bybel dikwels. Hoeveel ander mense doen dit egter? Die Barna-navorsingsgroep het in 2005 berig dat slegs 45% van alle Amerikaners die Bybel in 'n tipiese week gelees het. Die lees van die Bybel het in die afgelope dekades afgeneem. Wanneer 'n nasie die Woord van God lees en volgens die voorskrifte daarvan handel, sal dit floreer. Grootskaalse verontagsaming van die Bybel en sy leerstellings sal voortgaan om morele verval mee te bring – en uiteindelik nasionale vernietiging.

Daniël Webster, die groot Amerikaanse staatsman, het hierdie waarskuwing aangaande sy nasie se toekoms gegee: "Indien daar enigiets in my denke of styl is wat aan te beveel is, kom die krediet my ouers toe wat in my 'n vroeë liefde vir die Skrif ontwikkel het. Indien ons bly by die beginsels wat in die Bybel geleer word, sal ons land voortgaan om te floreer en welvarend te wees, maar as ons en ons nageslag die opdragte en die gesag daarvan verwaarloos, kan geen mens voorspel hoe vinnig 'n ramp ons mag oorweldig en al ons roem in absolute vergetelheid begrawe word nie" (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Ons in die Westerse samelewing behoort Webster se waarskuwing baie ernstig op te neem. Ons behoort die Bybel te bestudeer en daarvolgens te lewe. Soos Jesus sê: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Slegs gehoorsaamheid aan en liefde vir God se Woord kan tot morele en nasionale voorspoed lei.

Het u die Bybel lief? Antieke Koning Dawid het die Skrifte wat tot sy beskikking was liefgehad. Hy sê: "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Psalm 119:105). Ons het almal daardie lamp en lig nodig!

Hoe kan die bestudering van God se Woord vir u tot nut wees? Heel eerste moet ons verstaan dat die Bybel die mees belangrikste boek in die wêreld is! Dit onthul die werklike betekenis en doel van die lewe. Dit voorsien beginsels vir ware sukses, vervulling en lewensvreugde. Dit verduidelik waarom ons wêreld so verward is en in gevaar verkeer. Die profesieë daarin onthul die toekoms, insluitend die komende Koninkryk van God op hierdie aarde. Dit sê vir ons hoe om voor te berei vir die groot gebeure wat kom. Die Skrif leer ons hoe om op 'n goddelike manier met ons naaste oor die weg te kom. Dit openbaar aan ons die weg na die lewe anderkant die dood – die ewige lewe.

Ons kan nie bekostig om te lewe sonder die ongelooflike geestelike waarhede en voordele wat die Bybel ons bied nie. 'n Gallup-meningspeiling het bevind dat 82% van diegene in Amerika wat deelgeneem het, die Bybel die "werklike" of "geïnspireerde" Woord van God noem. Slegs 68% van die Kanadese deel hierdie sienswyse.

Selfs onder diegene wat beweer dat hulle die Bybel glo, laat hulle kennis oor die inhoud daarvan egter veel te wense na. Ons sou verwag dat godsdienstige persone die

eerste vier boeke van die Nuwe Testament moet ken. 'n Ander meningspeiling het egter bevind dat 63% van Amerikaners nie al vier evangelies, Mattheus, Markus, Lukas en Johannes, kon opnoem nie.

Kommentator Gary M. Burge beklemtoon die wesenlike rol wat die Skrif moet speel om ons te help onderskei tussen waarheid en dwaling. In 'n artikel in *Christianity Today*, herinner hy ons: "Om hierdie hulpbron ter syde te stel – deur die Bybel te verwaarloos – is om die hoogste gesag waarop ons geloof gebaseer is, van ontslae te raak. Ons word kwesbaar gelaat, sonder die vermoë om die leerstellings van diegene wat ons aanmoedig om hulle te volg, te kan kontroleer" ("*The Greatest Story Never Read,*" 9 Augustus 1999).

Dit is nodig dat ons gegrond is in suiwer en fundamentele waarhede! Ons durf nie "die hoogste gesag waarop ons geloof gegrond is verwyder nie". Die oplossing vir hierdie probleem is voor die hand liggend: Ons moet die Bybel lees!

Wanneer is die laaste keer dat u u Bybel oopgemaak het? Indien u 'n gereelde leser van hierdie tydskrif is, mag dit slegs 'n paar oomblikke gelede gewees het. Volgens bogenoemde meningspeiling sê 41% Amerikaners egter dat hulle selde of ooit hul Bybels lees. Slegs 16% het gesê dat hulle elke dag die Bybel lees. Ons behoort egter almal die Bybel daagliks te lees. Bybelse waarhede en Bybelse kennis dra by tot nugter denke – en die wêreld het mans, vrouens en kinders met 'n gesonde karakter en suiwer geestelike gesondheid nodig!

Die Bybel is 'n pakhuis vol waardevolle skatte. Hoe kan ons die skatte wat hierdie wonderlike boek bevat, oes? Aangaande ware kennis belowe die Bybel ons: "... as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand ...)" (Spreuke 2:4-6).

In hierdie artikel gaan ons sewe beginsels vir Bybelstudie oorweeg. Hulle sal u help om God se wysheid te bekom. U sal die Skepper-God se verstommende plan vir die hele mensdom soveel beter begryp, indien u hierdie sleutels sal aanwend om die lewensbelangrike waarhede van die Bybel – wat relatief min mense verstaan – te ontsluit.

**Beginsel 1: Die Bybel is 'n volledige boek.**

Baie mense kan nie regtig die Bybel verstaan nie omdat hulle die eerste 39 boeke daarvan – die Ou Testament – weggooi. Wanneer Jesus egter die Skrif aangehaal het, het Hy uit die Ou Testament aangehaal. In die woestyn, tydens Sy geweldige geestelike stryd met Satan, die Duiwel, het Jesus uit Deuteronomium 8:3 aangehaal toe Hy gesê het: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Daardie diepsinnige waarheid is absoluut fundamenteel vir mense se geluk – en hul ewige lewe!

In sy brief aan die jong Timotheus, skryf Paulus van die opregte geloof wat hy in Timotheus se grootmoeder Loïs en in sy ma Eunice gesien het. Daardie twee godvresende vroue het Timotheus die Skrifte vanaf sy kinderdae geleer. En, wat was daardie Skrifte? Die eerste 39 boeke van die Bybel! Die Nuwe Testament was toe nog nie geskryf nie. Paulus herinner Timotheus daaraan: "... dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Timotheus 3:15). Timotheus was in staat om verlossing te verstaan deur die boeke van die Ou Testament en deur Jesus Christus te aanvaar as sy Saligmaker.

Die Bybel is 'n volledige boek. Dit begin met Genesis en eindig met Openbaring. In werklikheid waarsku God ons: "As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Openbaring 22:18-19). Wees op u hoede vir enigeen wat sê dat enige ander boek "'n verborge deel van die

Bybel bevat" of dat dit "noodsaaklik is om die Bybel te verstaan".

Moet nooit vergeet dat toe Jesus aan ons die twee groot gebooie geleer het, Hy dit uit die Ou Testament aangehaal het nie! Die eerste groot gebod, dat ons God moet liefhê met ons hele hart en siel en gees, is opgeteken in Deuteronomium 6:5. Die tweede groot gebod, dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself, kom uit Levitikus 19:18. Jesus het nie iets nuuts uitgedink toe Hy dit gesê het nie; albei is voorskrifte uit die Ou Testament en is gebooie van God!

Eerlikwaar, ons kan nie God se plan verstaan tensy ons die hele Bybel as God se Woord bestudeer nie. Om die Bybel te kan verstaan, moet ons beide die Ou en die Nuwe Testamente lees.

Die Bybel is God se geskenk aan die hele mensdom. Waardeer ons dit regtig soos ons dit moet doen? Indien ons dit doen, moet ons regtig die Bybel gereeld bestudeer. Die Amerikaanse President Abraham Lincoln het hierdie opmerking oor die Bybel gemaak: "Ek glo die Bybel is die beste geskenk wat God ooit aan die mensdom gegee het. Al die goeie dinge van die Verlosser van die mensdom word aan ons oorgedra in hierdie boek" (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

**Beginsel 2: Die Bybel is altyd toepaslik**

Sommige mense glo dat aangesien die Bybel meer as 1,900 jaar gelede voltooi is, dit nie meer vandag op ons toepaslik kan wees nie. *Daardie veronderstelling is verkeerd*! Soos wat hierdie tydskrif reeds oor die jare in dosyne artikels bewys het, is die Bybel nie net toepaslik op ons vandag nie, maar dit onthul ook die mensdom se toekoms en ons wonderlike lotsbestemming. Die goeie nuus is dat die mensdom sigself nie heeltemal sal vernietig nie. Jesus se Wederkoms sal op die mees gevaarlikste tydstip van die mensdom se geskiedenis plaasvind om ons van onsself te red. Ja, ons sien uit na die einde van hierdie "huidige bose wêreld" – die einde van hierdie tydvak en die begin van 'n nuwe tydvak, wat ons in hierdie tydskrif die "Wêreld van Môre" noem. Jesus sê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mattheus 24:14). Die evangelie van die Koninkryk van God is altoos toepaslik!

Die Gallup-organisasie het bevind dat 65% Amerikaners saamstem dat die Bybel "alle of ten minste die meeste van die basiese lewensvraagstukke beantwoord". Ja, die Bybel is toepaslik – dit beantwoord wel die lewe se mees basiese vraagstukke!

'n Barna Aanlyn-navorsingstudie het bevind: "By huishoudings wat 'n Bybel besit, is die tipiese telling drie Bybels per huishouding. Verder, "bykans elke huishouding in Amerika (92%) besit ten minste een kopie van die Christelike Bybel. Dit sluit die meeste huise in, selfs waar die volwassenes nie aktiewe Christene is nie, asook die huise van honderde duisende ateïste".

Indien daar enige ateïste is wat hierdie artikel lees, daag ek u uit om u Bybel oop te maak, as u een het, en dit eenvoudig te begin lees! Ek dink u sal verbaas wees oor die duidelike en grondige beginsels wat u vir 'n suksesvolle lewe sal vind. Twyfel u aan Jesus Christus? Begin eenvoudig die boek van Mattheus lees en gaan dan voort om die ander drie verslae oor Sy lewe op die planeet Aarde te lees (Markus, Lukas en Johannes). Lees hul ooggetuie verklarings en bewyse met 'n oop gemoed. Indien u leef in 'n huishouding met drie of meer Bybels, moedig gerus elke lid van u gesin aan om die Bybel te lees. Dit kan u lewe dramaties ten goede verander!

**Beginsel 3: Die Bybel verklaar die Bybel**

Ons het reeds hierdie beginsel in vorige artikels bespreek en dit is lewensbelangrik. Dit hang af van hoe u dit bereken, maar tussen 'n kwart en een derde van u Bybel is profesieë. Hoe kan u egter die simboliese taal wat dit dikwels gebruik verstaan? Neem as voorbeeld die boeke Daniël en Openbaring wat ryk is aan geheimsinnige beeldspraak wat baie min mense deesdae

verstaan. Indien u egter hierdie wesenlike beginsel verstaan dat die Bybel sigself verklaar, dan kan u dit verstaan!

In vorige artikels het ons voorbeelde van die simbolisme van Openbaring bespreek. Let daarop dat die sterre waarna verwys word in Openbaring 1:20, die engele van die sewe kerke simboliseer. Die sewe lampe simboliseer die sewe kerke. In Openbaring 17 lees ons dat die apostel Johannes, in 'n visioen, 'n dier sien wat deur 'n hoer gery word. Johannes skryf: "En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings" (Openbaring 17:3). Sy word genoem: "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 5). Vers 6 verklaar dat hierdie vrou ware Christene vervolg.

Hoe moet ons dit alles verstaan? Die verse wat hierop volg gee aan ons die betekenis van die simbole. Vers 12 openbaar byvoorbeeld die betekenis van die tien horings van die dier: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier." Verder vertel vers 18 aan ons: "En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde." Watter stad is dit? Om meer te wete te kom oor hierdie verbasende profesie en die toepaslikheid daarvan op ons tyd, vra asseblief om u gratis kopie van ons boekie, Die *Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid.* Skryf aan die streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 van hierdie uitgawe, of lees dit aanlyn op ons Webtuiste www.wvm.co.za.

Dit gebeur soms dat die Bybel 'n simboliese woord gebruik waarvan die betekenis miskien nie in die volgende sin gegee word nie. Wanneer dit gebeur, onthou die vierde beginsel:

**Beginsel 4: Bestudeer al die Skrifgedeeltes oor 'n besondere onderwerp**

Bybelstudente – en onderwysers – wat nie hierdie beginsel toepas nie, eindig dikwels deur valse en misleidende leerstellings te glo. Neem, as 'n voorbeeld, die twispunt wat dikwels beskryf word as "die wet ***of*** genade." Beteken God se genade dat 'n Christen 'n lewe van algemene sonde mag leef en blatant ongehoorsaam mag wees aan sy Redder? Natuurlik nie! Jesus sê tog: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheus 19:17). Jesus gaan dan voort om verskeie van die Tien Gebooie op te noem.

Onthou, die Bybel weerspreek sigself nie. Jesus sê self: "... die Skrif nie gebreek kan word nie" (Johannes 10:35). God se genade gee nie aan ons toestemming om God se wet te oortree nie. Die apostel Judas waarsku teen valse leraars: "Hulle misbruik die genade van ons God. Hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe" (Judas 4 NV). Die *Anchor Bible Dictionary* stel dit so: "Paulus maak dit duidelik dat God se genade bevryding *van* sonde bring, nie *bevryding om sonde te doen* nie" ("*Antinomianism*," vol. 1, bl. 263). U kan dit vir uself lees in Romeine 6:1-2.

Sommige agtelosige Bybelstudente verstaan Efesiërs 2:15 heeltemal verkeerd, naamlik dat God se Tien Gebooie en Sy morele Wet tot niet gemaak is vir Christene. Daardie vers lees: "... deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, *naamlik* die wet van gebooie wat in insettinge bestaan". Indien ons egter noukeurig na hierdie vers kyk, sal ons sien dat die woord wat vertaal word as "insettinge" – *dogma* in Grieks – verwys na mensgemaakte wette wat baie Jode in Christus se tyd aangewend het om onderskeid te maak tussen hulle en die heidene. Die beginsel is om al die Bybelse verwysings oor 'n besondere onderwerp te bestudeer, sodat ons seker kan wees ons verstaan dit korrek. Kyk wat die outeurs van die *NIV Study Bible* oor hierdie vers geskrywe het. "Omdat Mattheus 5:17 en Romeine 3:31 verkondig dat God se morele standaarde soos uitgedruk in die Ou-Testamentiese wet ***nie verander is*** deur die koms van Christus nie, is wat hier afgeskaf is, waarskynlik die uitwerking

van die spesifieke 'gebooie en insettinge' wat onderskeid gemaak het tussen Jode en heidene, aangesien hulle vir die Jode ritueel onrein was omdat hulle nie die Joodse wet onderhou het nie".

Onthou ons eerste beginsel van Bybelstudie: "Die Bybel is 'n volledige boek." Die *NIV Study Bible* se kommentaar stem ooreen met hierdie beginsel en erken dat Christus dieselfde wet wat Hy as die God van die Ou Testament afgekondig het, vervul het – eerder as afgeskaf het (Eksodus 20; 1 Korinthiërs 10:1-5).

Bestudeer die Skrifgedeeltes in sowel die Ou as die Nuwe Testament van u Bybel. Dan, om seker te maak dat u 'n duidelike begrip het van Bybelse waarhede, maak seker dat u al die Skrifgedeeltes oor die onderwerp wat u bestudeer, verstaan. Wanneer u dit ywerig en eerlik doen, sal u dikwels vind dat die "hoofstroom" leerstellings oor hierdie onderwerp nie ooreenstem met wat die Bybel werklik sê nie.

**Beginsel 5: Verstaan die konteks**

Wanneer u al die Skrifgedeeltes oor 'n onderwerp bestudeer het, gaan 'n bietjie verder. Lees al die Skrifgedeeltes rondom die vers wat u bestudeer. Byvoorbeeld, sommige mense glo verkeerdelik dat die Jerusalem-konferensie in Handelinge 15 die Tien Gebooie vir heidene afgeskaf het. Lees nou Jakobus se beslissing: "Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie, maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed" (Handelinge 15:19-20).

Omdat die Apostels hierdie vier beperkings gespesifiseer het, het dit die heidene dan vrygestel om in enige ander opsig te sondig? Kon hulle nou maar die gebod oortree wat sê: "Jy mag nie doodslaan nie?" of dan: "Jy mag geen ander gode voor die ware God hê nie?" Natuurlik nie! Die Apostels het geensins die morele wet van God herroep nie. Om dit te verstaan, moet ons die konteks van hierdie verse lees en verstaan. Wat was die belangrikste vraag in hierdie twispunt? "En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie" (Handelinge 15:1).

Die saak onder bespreking in Handelinge 15 was die besnydenis. Die Jerusalem-konferensie het besluit dat dit nie nodig was vir heidene om besny te word ten einde gered te kan word nie. Die apostel Paulus het later aan die heidene in Korinthe geskryf: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God" (1 Korinthiërs 7:19).

Stel dit 'n uitdaging aan u vooropgestelde idees oor hierdie vers en die betekenis daarvan? Gans te dikwels sal predikante betroubare verduidelikings van die Skrif ignoreer om te fokus op emosionele en vroom opinies wat onvolledig is. Soos wat die kommentator Burge in sy voorgenoemde artikel in *Christianity Today* skryf: "Historiese Skrifuitlegging word vinnig 'n verlore kuns van die kansel af. Eerder as om die historiese agtergrond van 'n gedeelte te verduidelik, word teksverse gebruik as 'n afspringplek vir godsdienstige bespiegelinge. Bybelgedeeltes word uit konteks gehaal in die predikant se soeke na daardie stories wat die reaksies of gesindhede wat hy verlang, sal uitlok."

Maak seker dat u die konteks verstaan deur al die verse te lees rondom die vers wat u bestudeer. Pas hierdie beginsel toe en u kan die slaggat vermy wat Burge beskryf.

**Beginsel 6: Bewys alle dinge**

Ons daag dikwels ons lesers uit om hul eie Bybels oop te maak en te kontroleer wat ons skryf. Moet nie dit wat ons in hierdie tydskrif publiseer as vanselfsprekend aanvaar nie. Lees dit in u eie Bybel. Christene word gemaan: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21), of "toets dit alles, behou wat goed is" (NV).

Slaan ag op die gesindheid van die Beréane, wat aangeprys word vir hulle positiewe, ondersoekende gesindheid deur

die Skrifte te ondersoek. "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11).

Een manier om te toets of te bewys, is om die beginsels en voorskrifte van die Bybel toe te pas. Jesus beklemtoon dit dat ons volgens die Bybel moet leef, "van elke woord van God." Hy sê: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). U kan die Bybel toets of bewys deur die opdragte daarin vervat, uit te voer. Dit is hoe u 'n goeie begrip kan kry. Ons lees: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Psalm 111:10). Moontlik het u al onderwysers hoor praat van "leer deur te doen"? Hierdie beginsel is ook van toepassing in u Christelike lewe.

**Beginsel 7: Bid om begrip**

Hierdie beginsel is die grondslag waarop die eerste ses beginsels rus. Die Bybel beklemtoon dit dat ons 'n leerbare gesindheid moet hê. Antieke Koning Dawid was 'n man na God se eie hart (Handelinge 13:22). Let op Dawid se leerbare gesindheid wanneer hy om begrip bid: "HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag" (Psalm 25:4-5).

Onthou om te bid vir begrip wanneer u die Bybel lees of dit bestudeer. Bid om leiding. God seën diegene wat die Skrif respekteer en Sy heilige Woord eer. Almagtige God verklaar: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord" (Jesaja 66:2).

Die Bybel is die heel belangrikste boek in die wêreld. Indien u die lees van u Bybel verwaarloos het, is dit nou tyd om te verander. Lees dit daagliks. Indien u gesindheid reg is, sal u ryklik geseën word en u lewe sal verander word. Dit is soos Jesus sê: "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe" (Johannes 6:63).

Die Bybel is nie net 'n boek vir vandag nie, maar is ook 'n boek vir die toekoms! Jesus sê immers: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Lukas 21:33). Dank God dat Hy Sy ontsagwekkende geestelike waarheid en die eintlike doel van die lewe, met ons gedeel het. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 13 – Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande*

Ussher se foutiewe berekening dat die aarde in 4004 v.C. geskape is, as 'n verskoning te gebruik om sy ander geskrifte af te kraak en in onguns te bring, insluitend sy deeglike geskiedenis wat bewyse voorgelê het van hoe die Apostels die evangelie in die eerste eeu na Europa se westelike eilande gebring het.

Daar is nog 'n rede waarom die waarheid aangaande die eerste aankoms van Christendom in die Weste en aangaande die ware Christenskap van die Apostels verbloem en vergete geraak het. Soos historikus Fletcher dit so slim stel: "... die geskiedenis word deur die oorwinnaars geskryf" (Fletcher, bl. 75). Hy verduidelik dat in die teologiese dispute wat oor die eeue heen gewoed het, individue of groepe wat aan die verloorkant geëindig het – hetsy reg of verkeerd – "sistematies beswadder en hulle geskrifte uitgesnuffel en vernietig is" (ibid.) – presies wat in Brittanje en Ierland gebeur het. Die Britse biskoppe wat Augustinus en die leerstellings van die Katolieke Kerk teengestaan het, is bestempel as "verraderlike mense" en honderde is vermoor (Beda, Bk. 2, hfst. 2). Beda se bevooroordeelde geskiedenis is vandag oral beskikbaar in Engels maar Ussher se teks – wat lank erken was as die "mees akkurate weergawe" van die vestiging van Christelikheid in Brittanje – is, indien dit hoegenaamd opgespoor kan word, uitsluitlik in Latyn beskikbaar. Geen wonder dan dat fundamentele waarhede vergete geraak het nie.

**Maak dit vandag saak?**

Ons kan belangrike lesse leer uit die epiese stryd wat in

*Vervolg op bladsy 26*

# Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande

*Deur* **Douglas S Winnail**

**Hoe het Christelikheid heel eerste na Europa se westelike eilande gekom? Wat het met die ware evangelie gebeur? Waarom maak daardie geskiedenis deesdae saak?**

Min mense verstaan die verstommende godsdiensdrama wat oor die eeue heen in Brittanje, Ierland, Skotland en Wallis afgespeel het. Sleutelgedeeltes van die verhaal is verlore, vergete of verdoesel. Die koms van ware Christelikheid na Europa se westelike eilande is egter 'n merkwaardige verhaal wat vir óns vandag lewens-noodsaaklike lesse inhou.

Die ware geskiedenis van Christelikheid in Europa se westelike eilande werp ook lig op 'n dodelike ernstige stryd wat na 'n klimaks toe beweeg en nie slegs mense behels nie, maar ook kragtige geestelike magte. Wanneer u uitvind wat gebeur het, kan u begin verstaan waarheen huidige gebeure lei – gebeure wat bestem is om die hele wêreld in die nabye toekoms te raak. Indien ons die lesse van die verlede ignoreer, sal ons moderne geslagte ontsettende gevolge moet dra!

**Bewerings en aannames**

Wanneer ons die geskiedenis van vroeë Christelikheid in Europa se westelike eilande begin navors, is een van die eerste ontdekkings wat ons maak, dat moderne geleerdes se tipiese aannames nie strook met die duidelike aangetekende geskiedenis soos dit in die Bybel en in sekulêre bronne bewaar is nie. Richard Fletcher, 'n historikus aan die Universiteit van York, is tiperend in sy mistastende aanname dat "die indruk wat deur Lukas geskep word [in die boek Handelinge] van 'n ordelike en beheerde verspreiding ... misleidend is ... dit is redelik duidelik dat Christelikheid vinnig en wanordelik na die ooste en weste versprei het, sonder duidelike strategie of leierskap" (*The Conversion of Europe*, bl. 14). Die Katolieke teoloë, John Walsh en Thomas Bradley, skryf: "Christelikheid het Ierland waarskynlik in die vierde en vyfde eeue binnegekom deur 'n stadige en onbeplande infiltrasie" (*The Story of the Irish Church*, bl.1). Hierdie aannames deur Fletcher, Walsh en Bradley ignoreer die duidelike feite opgeteken in die Bybel en in die geskiedenis.

Die Bybel openbaar dat God nie op 'n wispelturige en lukrake wyse werk nie. Die apostel Paulus skryf: "God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges" (1 Korintiërs 14:33). Jesus het twaalf dissipels geroep en opgelei om die evangelie te versprei (Lukas 6:12-16). Hulle moes eerstens na die "verlore skape van die huis van Israel" gaan en later na die heidene (Mattheüs 10:5-6, 18). Paulus is na die heidene en die kinders van Israel gestuur terwyl Petrus primêr na die Jode gestuur is – dié in Judea en ook die in "verstrooiing" (Handelinge 9:15; Galasiërs 2:7-8). Toe Filippus in Samaria gepreek het, het hy sy aktiwiteite gekoördineer met die hoofkwartierkerk in Jerusalem (Handelinge 8:5-14). Die apostel Paulus het dieselfde patroon gevolg (Galasiërs 1:18-19; 2:1-2). Die boek Handelinge toon dat God die verspreiding van die evangelie gelei het op 'n bonatuurlike wyse (Handelinge 10; 13:1-2; 16:6-10) en dat Hy die strategie en leierskap daargestel het wat die verspreiding van vroeëre Christelikheid beheer het.

Die apostel Paulus het later predikers en leraars na spesifieke gebiede gestuur: Tichikus na Efese, Crescens na Galasië en Titus na Dalmasië en Kreta (Efesiërs 6:21-22; 2 Timotheüs 4:10; Titus 1:5). Dit strook met wat in latere geskiedenis opgeteken is aangaande die Apostels se georganiseerde bewegings. Die vroeëre kerk se historikus, Eusebius, skryf: "Thomas ... is gekies vir Parthië, Andreas vir Skithië, Johannes vir Asië" (*Ecclesiastical History*, Bk. 3,

hfst. 1). Cressy, 'n Oxfordgegradueerde en Benediktynse monnik in die 17de eeu, skryf dat die Apostels lootjies getrek het om die wêreldstreke te verdeel waar hulle die evangelie moes verkondig (*Church History of Brittany,* vol. 4, Bk. 1, hfst. 6). Gefragmenteerde brokke kerkgeskiedenis mag lei tot die verkeerde aanname dat Christelikheid op 'n chaotiese wyse versprei het, maar die volledige annale van die Bybel en die geskiedenis onthul iets heel anders.

**Bewyse geïgnoreer**

Moderne sekulêre leraars dra ongelukkig dikwels 'n baie verkeerde indruk van dít wat bekend kan wees aangaande die reise van die Apostels en van die aankoms van Christelikheid in Europa se westelike eilande oor. Clemens, die vierde biskop van die Roomse kerk, skryf in die laat eerste eeu dat die apostel Paulus "nadat hy in die ooste en weste gepreek het ... regverdigheid aan die hele wêreld geleer het en na die verste uithoek van die weste gekom het" (*Epistle to the Corinthians*, hfst. 5, in *Ante-Nicene Fathers*, vol. 9, bl. 231). Sommige mense dink dat Clemens se uitdrukking "verste uithoek van die weste" na Rome verwys, terwyl andere dink dat dit na Spanje of Brittanje verwys. Nogtans toon enige kaart van die Romeinse Ryk in die eerste eeu aan dat die *Britse Eilande* – nie Rome of Spanje nie – die westelike uithoeke verteenwoordig het. Gildas,'n Britse monnik in die sesde eeu, het opgemerk dat "die Britse eiland byna aan die einde van die wêreld lê, na die weste en noordweste" (*The Ruin of Britain*, Bk. 3, hfst. 1, Winterbottom, red., bl. 16).

Tertullianus, biskop van Carthago in die tweede eeu, skryf: "Die streke van Brittanje wat nooit deur die Romeine binnegedring is nie [suidwestelike Engeland, Wallis en Skotland] het die godsdiens van Christus ontvang" (*Def. Fidei*. bl. 179). Eusebius, biskop van Cesarea in die vroeë 300s, teken aan dat "die Apostels oor die oseaan gegaan het na die Eilande wat die Britse Eilande genoem word" (*Demonstratio Evangelica*, Bk. 3, hfst. 5). Eusebius het toegang gehad tot 'n noemenswaardige biblioteek by Cesarea, wat oor bronne beskik het wat sedertdien verlore geraak het. Teodoret, biskop van Ciprus in Sirië (circa 430 n.C.) konstateer: "Paulus, vrygelaat uit sy eerste gevangenskap in Rome, het die Evangelie aan die Britte en andere in die Weste verkondig ... en aan die Kimriete [die Wallisers]" (*D.Civ. Gracae* Off., Bk.9). Ongeveer 300 n.C. het Dorotheous, die biskop van Tirus, gesê: "Aristobúlus, vir wie Paulus gegroet het, [Romeine 16:10] was biskop van Brittanje" en dat Simon Selotes ook na Brittanje gekom het (*Synopsis de Apostol*., Synops. 9, 23). Gildas sê dat die koms van Christelikheid na Brittanje "heel eerste geskied het, soos ons weet, in die laaste jare van keiser Tiberius [14-37 n.C.]" (*The Ruin of Britain*, bl. 18). Dit beteken Christelikheid het in Brittanje arriveer, nie later nie as 37 n.C. – minder as 'n eeu na Christus se kruisiging. Gildas het ook die Britte as God se "hedendaagse Israel" uitgeken (ibid. bl. 28).

Geleerdes in vorige eeue het hierdie vroeëre verslae aanvaar as betroubare weergawes van die geskiedenis. James Ussher, aartsbiskop van Ierland en een van die grootste geleerdes van die 17de eeu, het heelwat bewyse voorgelê dat Jakobus, Simon Selotes, Simon Petrus, die apostel Paulus en andere Christelikheid in die eerste eeu na Europa se westelike eilande gebring het (*The Whole Works of James Ussher*, vol. 5, hfst. 1, Erlington). 'n Engelse Jesuïet en Oxfordstudent, Robert Parsons, het in sy 17de eeu se werk, *The Three Conversions of England,* aangevoer dat die Apostels eers Christelikheid na die eiland gebring het en dat die "Christelike godsdiens in Brittanje begin het binne vyftig jaar na Christus se Hemelvaart" (bl. 14). Moderne geleerdes *ignoreer hierdie bewyse* wanneer hulle beweer dat die verspreiding van Christelikheid na Europa se westelike eilande "geen naspoorbare bewyse nagelaat het nie" en dat dit "vir ewig verlore is".

**Feite teenoor fabels**

Wat het egter van die ware evangelie geword wat die Apostels in die eerste eeu na Europa se westelike eilande gebring het? Hoe strook bogenoemde verslae met die algemeen aanvaarde tradisies dat Patrick die Iere in die vyfde eeu bekeer het en dat Augustinus Christelikheid in die sewende eeu na Engeland gebring het?

Agtenswaardige geleerdes maak verrassende erkennings aangaande hierdie punte. Ierse

Katolieke historici vertel dat "St. Patrick tradisioneel die krediet kry dat hy die hele Ierse ras uit heidendom bekeer het in die kort tydperk tussen 432 en 461 ... ***ons moet egter erken dat daar sekerlik Christene in Ierland was voor Patrick se aankoms*** ... en dat dié heilige slegs in 'n gedeelte van die eiland gewerk het [die noorde]" (*Walsh and Bradley*, bl.1). Die Ierse skrywer, Liam de Paor, skryf dat "Ierland nie deur een man [Patrick] bekeer is nie ... dit mag wees dat Christelikheid die westelike land [Brittanje] en die suidelike Ierse see ***bykans onafhanklik van die Roomse stelsel bereik het*** *op 'n baie vroeëre datum* ... eeue voor Patrick" (Paor, bll. 21, 23). Daar is oorlewerings dat die apostel Jakobus die evangelie in Ierland verkondig het voordat hy na Jerusalem teruggekeer het, waar hy 'n marteldood gesterf het (sien MacManus, *The Story of the Irish Race*, bl. 103). Baie geskiedkundige bronne bevestig inderdaad dat die apostels ware Christelikheid na Ierland gebring het, vier eeue voor Patrick se besoek. Die storie dat Patrick die eerste persoon was om Christelikheid na Ierland te bring, is 'n verdigsel!

Oorlewerings aangaande Augustinus lyk ook baie anders wanneer ons die besonderhede van die geskiedenis ken. Beda, 'n Angel-Saksiese monnik wat in die 700s in noordoos Engeland gewoon het, het – wat die primêre bronboek van hierdie periode genoem word, geskryf – *The Ecclesiastical History of the English Nation*. Beda was 'n hoogsgerespekteerde geleerde, maar hy was ook 'n "Middeleeuse storiedokter" genoem, omdat hy geneig was om "stories reg te dokter" deur dinge te verswyg of te verdraai wat nie ingepas het by die storie wat hy vertel het nie. As 'n Sakser, het hy die Saksers opgehemel en die Britte verkleineer. Hy was ook 'n entoesiastiese ondersteuner van Rooms-Katolisisme. Hy skryf niks oor die Apostels wat na Engeland en Ierland gekom het nie, maar maak melding daarvan dat Christene reeds voor Augustinus in vroeëre Brittanje was en fokus eerder op Augustinus asof hy die "bringer van die ware geloof" na die Britse nasie was.

Wanneer ons egter Beda se verhaal noukeurig lees, raak dit duidelik dat die Britse biskoppe ***wat alreeds op die eiland gewerk het***, niks met Augustinus of die godsdiens wat hy verteenwoordig het, te doen wou hê nie! Hulle wou nie die Rooms-Katolieke herdenking van Paasfees of hulle metode van doop aanvaar nie en ook nie die idee dat Rome aan Augustinus magtiging kon verleen om Aartsbiskop van Engeland te word nie. Augustinus het aan die Britse biskoppe gesê: "Julle tree in baie opsigte op in stryd met ons gewoonte, of eerder die gewoontes van die universele kerk" (Beda, Bk. 2, hfst. 2). Beda beskryf wat hy noem die "foute van die Britte" en meld dat die "Skotte in geen opsig in hulle gedrag van die Britte verskil nie" (ibid., hfst. 4). Toe hy verduidelik waarom die Skotse biskoppe, tydens 'n konfrontasie in Witby in 664 n.C., geweier het om die Roomse Paasfees te aanvaar, het Beda geskryf dat hierdie biskoppe 'n ou gebruik handhaaf – "dieselfde as wat die Heilige Johannes, die Evangelis, die dissipel van onse Here, tesame met al die kerke waaroor hy aangestel is, volgens berigte gehou het" (*ibid*., hfst. 25).

Beda se verklaring openbaar dat die Skotse biskoppe eintlik die Bybelse Pasga onderhou het (aan die begin van 14 Nisan, kort na sononder) en die Dae van Ongesuurde Brode (sien Levitikus 23:4-8). Beda het die Skotte se beroep op Bybelse praktyk en apostoliese tradisie teengestaan met 'n verwysing na die toenmalige gewoontes van die Roomse Kerk en hulle belaglik gemaak as "die Pikte en die Britte, wat dwaaslik in hierdie twee afgeleë eilande van die wêreld ... die res van die heelal teengaan" (*ibid*., Bk. 2, hfst. 25). Tog het hierdie selfde stryd al eeue tevore in Klein-Asië gewoed toe 'n Roomse biskop die volgelinge van Johannes (genaamd Quartodecimane) uit die kerk geban het omdat hulle die Pasga op 14 Nisan gehou het in die plek van die Roomse Paasfees. Na die konfrontasie by Witby het die oorblyfsels van apostoliese Christelikheid teruggetrek na Skotland, Wallis en suidwes Engeland terwyl die Saksers en uiteindelik meer Britte Rooms-Katolisisme begin aanhang het. In Europa se westelike eilande is die oorspronklike leerstellings van Christelikheid opsy geskuif deur 'n ander evangelie, afkomstig uit Rome.

**Hoe die waarheid verlore geraak het**

***Vervolg op bladsy 8***

# Vrae & Antwoorde

**Vraag**: Ek het tot die besef gekom dat ek my hele lewe lank teen God gesondig het. Ek het 'n probleem om te glo dat Hy my al die verskriklike dinge wat ek gedoen het ooit sal kan vergewe. Is daar enige hoop vir my?

**Antwoord**: Ja, daar is hoop! U kan Jesus Christus as u persoonlike Saligmaker aanvaar, u tot Hom wend met opregte bekering en Hy sal u sondes vergewe en aan u die vermoë skenk om Hom te kan gehoorsaam asook om die vreugdevolle en oorvloedige lewe te leef wat Hy vir u begeer.

Dit is nie 'n kwessie van of u "goed genoeg" is om deur God geroep te kan word nie. Dit is God, nie u nie, wat verantwoordelik is vir u roeping. Die Skrif maak dit duidelik dat tensy God u roep, u nie die keuse het om te kies dat u na Hom getrek "wil" word nie. Jesus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44). Waarom kom so min mense dan werklik na hul Verlosser toe? Beteken dit dat God 'n "mislukking" is? Nee! Die verstommende waarheid is dat God nie nou probeer om "almal te red nie" – die meeste mense ontvang eenvoudig nou net 'n waarskuwing en word voorberei vir die Groot Wit Troon-oordeel waartydens hulle hul eerste werklike geleentheid sal kry om God se Waarheid te verstaan, om dan berou tot bekering te ervaar, Jesus se offer aan te neem en Hom gehoorsaam te wees. Om meer te leer aangaande hierdie aspek van God se Waarheid wat deur so min verstaan word, lees asseblief ons boekie: *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?* U kan dit aanlyn lees op ons webtuiste www.wvm.co.za, of kontak ons streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 van hierdie uitgawe, om 'n gratis gedrukte kopie aan u te stuur.

Hoe dit ook al sy, wanneer u hierdie artikel lees, behoort u die moontlikheid te oorweeg dat God u dalk nou roep. Daar is nie so iets soos "'n tweede kans" nie – en as God nou aan u die geleentheid bied om een van Sy eerste vrugte te word (Jakobus 1:18; Openbaring 14:4) behoort u in alle erns van daardie geleentheid gebruik te maak. Wat behoort u dan te doen?

Om vergewe te kan word moet u eerstens u sondes erken en dit voor God bely. Bekeer u dan daarvan, word gedoop en ontvang die Heilige Gees. Daarna, met die hulp van God se Gees, moet u uself voortdurend daaraan verbind om op te hou om te sondig en moet u daarna streef om in ooreenstemming met God se Wet te lewe. Om te besef dat u 'n sondaar is en dat u moet distansieer van u sondes, is 'n noodsaaklike stap. God wil ons graag vergewe indien ons ons bekeer en ons na Hom toe wend. "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie" (1 Johannes 1:8-10).

Is u 'n te groot sondaar om vergewe te kan word? Voordat God Saulus tot bekering geroep het het hy God se mense bitterlik vervolg. "Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer" (Handelinge 8:3). Hy het selfs deelgeneem aan die moord op 'n diaken in die Nuwe-Testamentiese Kerk. "En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy *die Here* aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!" (Handelinge 7:58-59). God het egter nogtans Saulus tot Sy diens geroep en hy het die apostel Paulus geword! Lees hierdie wonderbaarlike storie in Handelinge 22:1-21.

Waarom sou God so 'n sondaar soos Paulus geroep het om Sy dienaar te word? Paulus verduidelik dit in 'n brief aan die jong evangelis Timotheüs. "En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het, my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof. En die genade van onse Here was baie oorvloedig met geloof en liefde wat in Christus Jesus is. Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe" (1 Timotheüs 1:12-16).

Ja, God het Paulus, daardie groot sondaar, geroep sodat Hy aan ons kan wys dat ons ook gered kan word as ons ons bekeer, daarna streef om ons Verlosser te gehoorsaam en Hom dan toelaat om ons as Sy gehoorsame dienaars te gebruik. As God Saulus kon roep, is daar dan 'n kleiner moontlikheid dat Hy u kan roep? Om meer te leer aangaande hierdie noodsaaklike onderwerp, lees asseblief ons boekie: Behoort u Gedoop te word? U kan dit aanlyn lees by ons webtuiste www.wvm.co.za, of kontak ons streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 van hierdie uitgawe om 'n gratis gedrukte kopie aan te vra. WvM

# Profesie neem

## Jerusalem se wonderlike toekoms!

Baie stede regoor die wêreld is van tyd tot tyd die middelpunt van gewelddadige konflikte. Die stad Jerusalem – veral die Tempelberg – is egter keer op keer die middelpunt van die wêreld se aandag. Dit is geen verrassing vir enigeen wat bekend is met Bybelse profesieë nie. Dosyne profesieë toon aan dat die stad Jerusalem die nuushooftrekke sal oorheers net voor Jesus Christus se Wederkoms en die einde van hierdie tydvak.

**Oorheers, verdeel, verwoes**

Oënskynlik eindelose politieke onderhandelings is die afgelope jare geloods in die najaging van vrede in die Midde-Ooste. Desnieteenstaande het elke poging misluk, net soos die Bybel dit voorspel! God het die profeet Sagaria meer as 2,500 jaar gelede geïnspireer om te skryf: "En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak" (Sagaria 12:3). Vir bykans 'n eeu het Jerusalem hierdie profesie vervul. Brittanje, Israel en die Verenigde State het almal probeer – en gefaal – om vrede na hierdie veelbewoë stad en sy omstreke te bring. Nou wil die Europeërs, die Russe, die Verenigde Nasies en selfs die Vatikaan probeer om hierdie eeue-oue probleem op te los. Volgens Bybelse profesieë sal *almal* wat probeer, faal – tot Christus se Wederkoms!

Sagaria het 'n ander eindtydse profesie opgeteken. "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want Ek sal *al die nasies* versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die *helfte van die stad* sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie" (Sagaria 14:1-2). Dit wil voorkom asof hierdie profesie op die punt staan om vervul te word. Jerusalem was in die sewende eeu v.C. deur die Babiloniërs verwoes, en in 70 n.C. deur die Romeine. Later het die Arabiere, en daarna die Ottomaanse Turke die stad beheer. Die geprofeteerde eindtydse verowering en vernietiging sal egter aan die hand van "al die nasies" gebeur. In vorige beleëringe was die *hele* stad verower en vernietig maar in die laaste dae sal *slegs die helfte* van die stad verower word. Dit mag heel moontlik die *Joodse helfte* wees, indien die ander helfte – Oos-Jerusalem – die erkende hoofstad van 'n volle Palestynse staat word, soos die President van die Palestynse Owerheid, Mahmoud Abbas, voorgestel het.

Abbas, soos die meeste Palestyne, wil hê dat die Arabies-oorheersde Oos-Jerusalem – wat Israel in die 1967 Midde-Oosterse oorlog ingeneem en geannekseer het ten spyte van internasionale teenkanting – die amptelik erkende hoofstad van 'n Palestynse staat moet wees in die Israel-besette Wes-Bank en Gaza. Die Israelse Eerste Minister, Ehud Olmert, het probeer om te fokus op minder aanvegbare geskilpunte in sy onderhandelings met Palestynse leiers. 'n Woordvoerder vir Olmert se party skryf: "Die geskilpunt oor Jerusalem is baie sensitief en in hierdie opsig is dit verkieslik om te begin met geskilpunte waar daar 'n kans bestaan om tot 'n vergelyk te kom, eerder as om te begin met geskilpunte waar die meningsverskille uit die staanspoor groot is". Onderhandelings oor die status van Jerusalem kan egter nie onbepaald vermy word nie. Namate daardie onderhandelings vorder, sal dit meer en meer duidelik word dat toestande in Jerusalem besig is om so te ontwikkel dat dit die vervulling van sleutel-profesieë in die Bybel in die nabye toekoms moontlik sal maak.

Jeremia het nog een van God se profetiese waarskuwing aan die mense van Jerusalem opgeteken: "En Ek sal hulle 'n skrikbeeld maak vir *al die koninkryke van die aarde*" (Jeremia 15:4). Jerusalem was gedurende verskillende tye oorheers deur individuele nasies, maar nog nooit deur *al* die koninkryke van die aarde saam nie. Indien die Verenigde Nasies se waarnemers en

# gestalte aan

vredemakers egter tot die prentjie toetree, sal hierdie profesie op 'n merkwaardige wyse vervul word. Die Bybel openbaar ook dat Jerusalem se toekomstige verwoesting *skielik* aan die hand van 'n *menigte* van nasies sal kom (Jeremia 6:26; 15:8; Jesaja 29:5; 30:13). Die afgelope dekades se ontwikkeling in hoë-tegnologiese oorlogvoering en die haat teen Israel wat deur die Arabiese nasies en hulle meelopers aangeblaas word, vermeerder die onheilspellende toepaslikheid tot hierdie profesie.

**Jerusalem vertrap**

Jesus Christus openbaar selfs 'n groter betekenis aan hierdie Ou-Testamentiese profesieë. Toe Jesus se dissipels Hom vra: "... wat is die teken van u [Weder]koms en van die voleinding van die wêreld?" (Mattheüs 24:3), het Hy hulle aangesê om op die uitkyk te wees vir een besondere ontwikkeling met betrekking tot Jerusalem: "En wanneer julle Jerusalem *deur leërs omsingeld sien*, dan moet julle weet dat sy *verwoesting* naby is" (Lukas 21:20). Christus gaan voort om te openbaar: "... hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal *vertrap word deur die nasies* totdat die tye van die nasies vervul is" (Lukas 21:24). Die Bybel dui aan dat hierdie eindtydse heidense oorheersing van Jerusalem vir 42 maande – drie-en-'n halwe jaar (lees Openbaring 11:2) sal duur. Sedert 1948 het die Verenigde Nasies se agenda die voorneme ingesluit om die administrasie van Jerusalem onder *internasionale beheer* te plaas. Hierdie idee verkry deesdae al hoe meer geloofwaardigheid en variasies daarvan is al selfs deur pouse en diplomate van die Verenigde State voorgestel. Dit, tesame met talle ander eindtydse profesieë, behoort ons bedag te maak op die *ware betekenis* van die tye waarin ons leef (lees Mattheus 16:3; 24:32-34)!

Die Tempelberg is vir drie groot gelowe die *middelpunt* van geestelike belangrikheid in Jerusalem. Hoewel dit eertyds die terrein van Salomo se tempel en van die Herodiaanse tempel gedurende Jesus se menslike leeftyd was, word Jode tans verbied om op die Tempelberg te aanbid! Dit word nou deur Islam se Rotskoepel of Moskee van Omar, beset. Die Tempelberg is al "die mees plofbare plek op die hele aarde" genoem. Bybelse profesieë dui aan dat noemenswaardige dinge op die Tempelberg gaan gebeur net voor Jesus Christus se Wederkoms. Hierdie gebeure sal 'n *waarskuwing* wees – vir diegene met oë om te sien – *dat die einde van hierdie huidige tydvak nou naby is*!

Bybelse profesieë beskryf twee prominente indiwidue wat in die eindtyd die wêreldtoneel gaan betree (Lees Openbaring 20:10). Een is 'n magtige en oorredende politieke figuur wat die Dier genoem word (lees Openbaring 13:1-10; 17:12-13). Die ander een is 'n hoogs invloedryke geestelike figuur bekend as die vals profeet of man van sonde (lees Openbaring 13:11-18; 2 Thessalonicense 2). Die Bybel openbaar dat hulle hul aandag gaan toespits op Jerusalem – en op die Tempelberg in die besonder. Hierdie twee Satan-geïnspireerde leiers sal *twee afsonderlike gebeure* orkestreer wat by herhaling in die Skrif genoem word. Hulle sal veroorsaak dat die daaglikse offerandes gestaak word, en hulle sal die tempelheiligdom ontheilig (lees Daniël 8:11-12; 9:27; 11:31; 12:11). Hierdie twee afsonderlike gebeure sal plaasvind net voor Christus se Wederkoms (Mattheüs 24:15; Markus 13:14). Voor die daaglikse offerandes gestaak kan word, moet dit egter eers *begin*! En voor 'n heiligdom ontheilig kan word, moet dit eers *gevestig word*! Hierdie twee gebeurtenisse sal ook uiters betekenisvol wees.

**Vervulling onderweg?**

Merkwaardig soos dit vandag vir die wêreldlike verstand mag lyk, word daar in Jerusalem goed vordering gemaak met planne wat kan lei tot die vervulling van hierdie antieke profesieë. Joodse geleerdes het reeds vanaf 1967 die ligging van vorige tempels op die Tempelberg bestudeer, priesters uitgesoek en opgelei

en die gerei voorberei om die daaglikse offerandes wat voorheen in die tempel uitgevoer was, weer in te stel. Al wat benodig word, is 'n plek om die heiligdom op te rig en toestemming om met die offerandes te begin – wat die Bybel aandui *sal gebeur* net voor die einde van hierdie tydvak!

Daniël skryf van 'n toekomstige leier wat *bedrieglik* met die Joodse volk 'n verbond sal sluit (Daniël 11:31-32) – 'n verbond wat lyk of dit die hervatting van offerandes en die oprigting van 'n heiligdom insluit (Daniël 9:26-27), moontlik in ruil vir die afstaan van Oos-Jerusalem aan die Palestyne. Hierdie ooreenkoms sal egter skielik na drie jaar verbreek word (*ibid*.) – waarskynlik in 'n poging om godsdienstige eenvormigheid af te dwing. Die herboude heiligdom sal dan op een of ander manier ontheilig word (*ibid*.). Antiochus Epiphanes se optrede in 168 v.C. kan as 'n prototipe van eindtydse gebeure gesien word. Antiochus het probeer om die Joodse geloof uit te roei deur 'n heidense afgod in die tempel te plaas en varkbloed op die altaar te offer. Die Skrif beskryf dat die toekomstige vals profeet soortgelyk gaan optree. Hy word beskryf as iemand wat aktief Bybelse godsdiens *teenstaan* en dat "*hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is*" (2 Thessalonicense 2:4). Hierdie bedrywighede, wat lankal voorspel is, sal in Jerusalem plaasvind net voor Christus se Wederkoms. Miljoene mense, onbewus van die ware betekenis van hierdie dinge, sal mislei word. Hierdie misleiding sal egter tot 'n einde kom, Jerusalem sal bevry word en vrede sal uiteindelik gevestig word wanneer Jesus Christus terugkeer om God se koninkryk te vestig (Sagaria 12:7-9; 14:3-11).

U kan verhoed dat u mislei word deur hierdie gewigtige gebeure indien u verstaan wat die Bybel duidelik openbaar aangaande die eindtyd. Bestudeer u Bybel, hou wêreldgebeure dop, vra ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* aan, indien u dit nie alreeds gedoen het nie – en hou aan om *Die Wêreld van Môre* te lees, waarin u sal sien *hoe profesieë gestalte aanneem*!

***—Douglas S. Winnail***

***Vervolg vanaf bladsy 19 – Vroeëre Christelikheid en Europa se westelike eilande***

Europa se westelike eilande plaasgevind het. Ware Christelikheid het vir 'n rede weswaarts versprei. Die Apostels het na die eilande in die see gereis omdat Jesus hulle opdrag gegee het om na die "verlore skape van die huis van Israel" te gaan (Mattheüs 10:6). Die Angel-Saksiese-Keltiese volke is Israeliete wat oor baie eeue van hulle ou tuisland in die Midde-Ooste migreer het na hierdie eilande waar hulle spesifieke seëninge, wat aan hulle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob belowe is, geërf het (vir meer oor hierdie noodsaaklike sleutel tot profesie, vra asseblief ons gratis boekie aan: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*).

Saam met daardie seëninge het egter Godgegewe verantwoordelikhede en waarskuwings gegaan! God het die Israeliete gekies om as voorbeelde te dien van 'n manier van leef wat ander nasies sou raaksien en wou navolg (Deuteronomium 4:1-10). Die Israeliete moes hulle kinders God se manier van leef leer en moes nie enige van Sy opdragte kompromitteer nie. Hulle is gewaarsku om God nie te vergeet nie, ook nie Sy wette en opdragte nie, anders sou hulle ernstige gevolge moes dra (Deuteronomium 4:15-28). Nogtans het die moderne afstammelinge van antieke Israel grotendeels die waarheid vergeet en verkies om in fabels te glo (2 Timotheüs 4:4). In onlangse dekades was sekulêre geleerdes geneig om dít wat in die geskiedenis opgeteken is, en wat die Bybel onthul, te verontagsaam. Hulle verdoesel eerder die waarheid van die geskiedenis en bevorder misleidende idees oor hoe Christelikheid na Europa se westelike eilande gekom het (2 Petrus 2:1-3; 3:1-9). As gevolg daarvan *ken* die volke van Engeland, Ierland, Skotland en Wallis *eenvoudig nie meer die waarheid aangaande hulle eie identiteit en hulle eie geskiedenis nie*!

Bedorwe deur heidense idees, en afgesny van 'n deeglike Bybelse grondslag, is dit geen wonder dat georganiseerde godsdiens in Brittanje en Ierland – soos in baie ander Israelitiese lande – sukkel en kwyn nie. Die meeste mense het vandag die ware God vergeet – of ken Hom nie eens nie – en wend hulle tot plaasvervangers in die okkulte of die "kultus van die self." Veral

die Britte het hulle sin vir hulle Godgegewe roeping verloor en jaag persoonlike plesier na. Eerder as om God se waarheid te beskerm en dit aan die wêreld te verkondig, handhaaf die Verenigde State en Brittanje die korrupte waardes van geweld, hebsug en losbandige seks en voer dit uit deur middel van die media en persoonlike voorbeeld. Deur dit te doen, vervul hulle Moses se ou profesieë: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29).

Tensy ons ons huidige koers drasties verander, sal ons die gevolge van ons hedonistiese gedrag dra. God het lank gelede die volke van Israel gewaarsku: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie ... dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking [terreur] oor julle beskik ... Ek sal my aangesig teen julle rig ... Ek sal julle trotse mag verbreek ... Ek sal 'n swaard oor julle bring ... Ek sal julle onder die volke verstrooi ... waarheen [Ek] die Here julle sal verdrywe ... aan die einde van die dae" (Levitikus 26:14-33; Deuteronomium. 4:23-30).

Hierdie profesieë is selfs nog meer ernstig omdat dit *tweeledig is*. Dit was nie slegs van toepassing op antieke Israel nie; ***dit is ook van toepassing op die hedendaagse afstammelinge van antieke Israel*** – wat hoofsaaklik aangetref word onder die volke van die wêreld wat van Britse afkoms is.

Die lesse van die geskiedenis en die profesieë van die Bybel is nie slegs besonderhede oor die verlede nie; dit is uiters tersaaklik in vandag se tye. Voordat dit te laat is, behoort ons weer te ontdek wat verlore, verdoesel en vergete is. Jesus Christus het die evangelie van die Koninkryk van God kom verkondig. Vir ons eie beswil en vir die beswil van ons nasies, behoort ons gehoorsaam te wees aan Sy opdrag: "... bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). WvM

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

wetenskaplikes nie met 'n **oop gemoed** "die skrifte ondersoek" om te sien *wat God in werklikheid sê nie*. Die deursnee wetenskaplike, soos die gemiddelde Amerikaner, is *Bybels-ongeletterd*.

Dr. Stephen Prothero, Leerstoel van die Departement van Godsdiens aan die Boston Universiteit, sê: "Meer as 90 persent van die federale wetgewers noem hulleself Christene, wat die Kongres meer Christelik maak as die Verenigde State self ... Burgers van die Verenigde State weet egter bykans niks van die Bybel af nie. Hoewel die meeste dit beskou as die woord van God, is daar min wat dit nog lees. Selfs evangeliste uit die Bybelgordel fokus skynbaar meer daarop om Jesus lief te hê as om te leer wat Hy te sê het ... Opnames wat meer wetenskaplik is, het bevind dat slegs een uit drie burgers in die Verenigde State in staat is om die vier Evangelies op te noem, en een uit tien dink "Joan of Arc" was Noag se vrou. Dit is dus geen wonder dat meningspeiler George Gallup tot die gevolgtrekking gekom het dat die Verenigde State "'n nasie van Bybels-ongeletterdes' is nie" (Charlotte Observer, 18 Maart 2007).

Baie ateïste en agnostici maak daarop aanspraak dat hulle nie in 'n God kan glo wat in die wêreld "so baie lyding toelaat" nie. "Waar was God gedurende die volksmoord op die Jode?" sal hulle vra.

Goed, waar *was* God? Bybelstudente weet dat Hy op Sy troon in die hemel was, basies besig om Sy "hande af te hou" van die mensdom – en besig om Hom by Sy plan te hou om die mensdom toe te laat om hulle *hul eie gang te gaan* vir 6,000 jaar. Hy sal daarna Jesus Christus na hierdie aarde terugstuur vir 'n duisendjarige Sabbat van *vrede* en *kennis* (Openbaring 20:6).

Met die menigtes van Sy dag het Jesus Christus in gelykenisse gepraat. *Slegs* aan die "binnekring" van Sy dissipels het Hy die volle betekenis van daardie gelykenisse bekend gemaak. Christus het die menigtes toegelaat om voort te gaan in hulle *blindheid* (2 Korinthiërs 4:3-4). Hy sê aan Sy dissipels: "Aan *julle* is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en *hoor en hoor, en* **nie verstaan nie**, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes

hulle vergewe word nie" (Markus 4:11-12). Jesus het dus *nie eens* toe *probeer* om iedereen te "red" soos wat baie mense aangeneem het nie. Die groot God "laat" eenvoudig die mensdom toe om *sy eie kop* vir 6,000 jaar te volg, om die **les** te leer dat die mens se weg **–** sonder God **–** lei tot verwarring, ellende, lyding en *dood*! God probeer nie om elkeen *in hierdie tydvak* te "roep" nie. Dit is waarom Jesus Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44).

God laat almal van ons toe om 'n "vrye morele keuse" te hê. Hy "dwing" ons *nie* om Sy wil te volg nie. *As* Hy dit gedoen het, sou ateïste kla dat "God nie regverdig is nie" omdat Hy hulle nie sou toelaat om met hulle begeertes en welluste te eksperimenteer deur die misbruik van die wetenskap, seks en verdowingsmiddels nie; en om betrokke te raak by so baie aktiwiteite wat aanleiding gee tot haat, verwarring, gebroke huisgesinne en oorlog!

Ateïste en agnostici *kan egter nie hul brood aan albei kante gebotter kry nie*!

Onthou, God het aan die mensdom 6,000 jaar toegestaan om die lesse van die lewe deur menslike lyding en wanhoop te leer. Daarna sal Hy die lewende Jesus Christus terugstuur aarde toe as Koning van die konings (Openbaring 11:15). *Gedurende daardie tyd* sal God *alle* mense se oë open en hulle sal **God se weg** geleer word **–** die weg van *vrede*, *voorspoed* en *vreugde* wat op Sy groot geestelike Wet, die Tien Gebooie, gebaseer is (Miga 4:1-4).

Wat egter van die dooies wat God nooit "geroep" het nie – en wat *nooit* 'n waaragtige geleentheid gehad het om van God se plan en die ware betekenis van die lewe te leer nie? Die meeste van daardie mense het deur die eeue heen gely en gesterf sonder dat hulle ooit die naam "Jesus Christus" gehoor het. Is al hulle lyding dan *tevergeefs*? As daar 'n werklike en genadige God is, sal Hy nie aan hierdie miljoene mense 'n *waaragtige* geleentheid bied om God te kan ken en om die weg van hulle Skepper te kan leer volg nie?

Die *waarheid* is dat, soos Jesus aandui, God **nie** nou poog om die meerderheid mense tot insig te roep *gedurende hierdie tydvak* nie. Dit is waarom God die apostel Johannes geïnspireer het om Satan te beskryf as "die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die* **hele wêreld** *verlei"* (Openbaring 12:9). Gedurende hierdie tyd is Satan waarlik "in beheer" van hierdie verwarde wêreld. Jesus het Satan so beskryf toe Hy sê: "... die **owerste** van hierdie wêreld kom en [hy] het *aan My niks nie*" (Johannes 14:30).

Hoe wonderlik is dit nie om te besef dat die **miljoene** indiwidue wat nooit enigiets aangaande God en die doel van hulle lewe verstaan het nie, weer opgewek **sal** word in 'n "dag van oordeel" soos dit in u Bybel beskryf word. Dit is *nie* "'n dag van **veroordeling**" nie, maar eerder 'n toetstydperk vir mense wie se oë vir die *heel eerste keer* geopen sal word. *Dit* is waarom Jesus aan die mense van Sy geslag gesê het: "Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag" as vir daardie mense wat wel verstaan, maar Sy boodskap verwerp het (Mattheus 10:15).

Intussen, hoewel hulle geweldig mislei is, **het** die ateïste en agnostici **–** *in 'n sekere sin* – tog 'n punt beet. Hulle is gekonfronteer met 'n wêreld van verwarring, angs en skynbaar doellose lyding. Hulle word ook gekonfronteer met 'n *valse Christelikheid* wat **nie** ware antwoorde bied op die vrae van die lewe nie. *U* wat egter hierdie tydskrif lees, kan die Waarheid vind indien u gewillig is om die moeite te doen om met 'n oop gemoed te *studeer*. Soos Jesus sê: "En julle sal die **waarheid** ken, en die *waarheid sal julle vrymaak*" (Johannes 8:32). Om God se ontsagwekkende **doel** met dit alles te verstaan, moet u ons verseker skakel of aan ons skryf om *u* kopie aan te vra van een van die uiters nuttige, deeglik nagevorsde en insiggewende boekies wat u ooit sal kan lees. Vra om u **gratis** kopie van ons boekie, *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING*? Dit sal werklik *u oë open*!

